

'n Onderzoek van die beeld van Hoërskool Transvalia

André Daniël van Wyk

B.Sc. (Rek.) cum laude, NHDip (LC)

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad

MAGISTER in BESIGHEIDSADMINISTRASIE

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES UNIVERSITEIT

Studieleier: Prof. C. A. Bisschoff

MEI 2011

Vanderbijlpark

DANKBETUIGINGS

Die volgende verdien my opregte dank en erkenning.

- My Hemelse Vader vir die genade en seëninge aan my betoon.
- My vrou Fransie en my dogters Clarissa en Lerizè vir al die geduld en ondersteuning met my studies.
- My MBA sindikaat, SPARTA (Johann K, Pieter, Juan en Johann H) vir drie jaar se ondersteuning en kameraadskap.
- Nedbank vir die geleentheid my gegun met beurse en tyd om hierdie studie te kan onderneem.
- Professor Christo Bisschoff vir sy leierskap en ondersteuning.
- Die lektore en administratiewe personeel van die MBA skool en biblioteek by Noordwes Universiteit wat almal bygedra het tot my onderrig deur hierdie drie jaar.
- Die hoof van Transvalia, Mnr. Johann Venske, sy personeel en die beheerliggaam vir die geleentheid my gegun
- Dr J.C. Huebsch vir die professionele redigering en proeflees van hierdie manuskrip.

OPSOMMING

Die beeld van 'n skool is die meganisme waardeur 'n skool geïdentifiseer word en die skool teen ander skole in die omgewing of land opgeweeg word. Die beeld model ontwikkel in hierdie studie is 'n bestuursinstrument waardeur die skool al die fasette wat die beeld opmaak kan evalueer en die swak en goeie punte kan identifiseer en daardeur aksieplanne in plek plaas om die beeld van die skool te verbeter.

Transvalia is reeds sedert 2009 een van die top 100 skole in die land. Die evaluering deur Perry meet egter slegs die akademiese prestasie van die skool, terwyl daar veel meer faktore is, volgens Howard (1998:15), wat die beeld van 'n skool bepaal. Die vraag is dus hoe die beeld van Transvalia daaruit sien en wat moontlik gedoen kan word om die beeld te versterk en die skool se posisionering binne die top 100 skole te verbeter.

Daar is besluit om faktore uit die literatuurstudie te identifiseer wat die beeld van 'n skool onderbou en hierdie faktore te meet om swakker of sterker faktore te bepaal. Deur prioritisering van die faktore is daar bestuursinsette ontwikkel om die beeld te verhoog.

Die navorsing is gedoen deur middel van 'n kwantitatiewe vraelys wat aan 'n steekproef van 450 leerders, ouers en onderwysers versprei is wat ewekansig geïdentifiseer is. Die ontwerp van die vraelys is uit die literatuurstudie ontwikkel. Die resultate van die vraelyste is gebruik om:

- die geldigheid, betroubaarheid en pasbaarheid van die meetinstrument te meet; en
- die kritiese, ontwikkelings- en instandhoudingsareas van die beeld te identifiseer.

Slegs 345 van die vraelyste is voldoende ingevul om in hierdie studie gebruik te kon word. Addisionele kommentare uit die vraelyste is in positiewe en negatiewe terugvoer gesorteer en onder hoofpunte gekwantifiseer. Die resultate van die meetinstrument se toetse het bo alle twyfel getoon dat die meetinstrument geskik en betroubaar is om die beeld van die skool te bepaal. 'n Struktuurvergelykingsmodel is ontwikkel deur middel van faktorontleding deur die statistiese afdeling van die Noordwes Universiteit om die presiese bydrae van elke pilaar van die beeld te bepaal. Die model het die volgende resultate getoon:

- Die 79% van die *omgewing* dra by tot die beeld van 'n skool. *Omgewing* word deur faktore beïnvloed, insluitende die ouers, wetgewing, die Departement van Onderwys en die ouerbeheerliggaam;
- Die *skoolkultuur* word opgebou deur die geskiedenis van die skool, die sosiale klimaat binne die skool, erkenning, voorkoms, dissipline, veiligheid en godsdienst. Slegs 82% van hierdie pilaar dra by tot die beeld;

- Ongeveer 85% van *Produklewering*, wat onderbou word deur akademie, sport, leierskap, en tersiêre belyning, dra by tot die beeld; en
- Ten laaste dra *leweringsmetodiek*, die meganismes waardeur die produk gelewer word, en geïdentifiseer as die skoolhoof, die personeel, die infrastruktuur en die tegnologie in gebruik deur die skool, slegs 84% tot die beeld by.

Gevolgtrekkings en aanbevelings uit die navorsing het die volgende aangedui:

- Ouerbetrokkenheid in terme van hulp met addisionele werk vir hul kinders en betrokkenheid by skoolaktiwiteite soos sport en fondsinsamelings is onvoldoende en moet ontwikkel word;
- Onderwyserkeuring in veral die laer grade nie optimaal is nie en geformaliseer moet word in terme van vaktekortkominge;
- Veiligheid in die skool en dan in besonder die ontruimingsplan moet aandag kry;
- Dissipline-toepassing moet gestandaardiseer word en die fokus op leerders wat rook, moet verskerp word;
- Die persepsie van sport en akademiese balans moet herstel word deur voldoende inligting-verspreiding;
- Formele leierskap moet binne die skool as produk gelewer word;
- Onderwysers moet deur 'n formele prestasieberaad geëvalueer word en individuele ontwikkelingsplanne moet daargestel word; en
- 'n Sigbare bemarkingsplan wat verkeie media in ag neem, moet ontwikkel word.

Sleutelbegrippe:

Skool, beeld, beeldmodel, produklewering, dissipline, leweringsmetodiek, skoolbeheerliggaam, skoolhoof, skoolkultuur, akademie, skoolsport, onderwysers

ABSTRACT

The image of a school is mechanism that defines a certain school amongst other schools in the vicinity, as well as the country. The image model developed in this study, can be used as a management tool through which the school can evaluate all the different facets contributing to the image of a school, and identify positive and negative factors requiring action plans for maintenance or development.

Transvalia High School has been one of the top 100 schools in South-Africa since 2009. The evaluation done by Perry (2009) does, however, only focus on the academic side of the school and not on the other factors as defined by Howard (1998:15) that contributes to the image of a school. The question thus is how the image of Transvalia presents itself, and what could possibly be done to enhance it and strengthen its position between the top 100 schools in South-Africa.

It was decided to research die possible factors as identified by the literature study, that supports the image of the school and the measure of their impact. Through prioritization of the factors, management actions were derived to enhance the image of the school.

Research was done through a quantitative questionnaire with a sample size of 450 students, parents and teachers randomly selected from each class in the school. The design of the questionnaire stemmed from the literature study done. The results from the questionnaires were used to:

- test the validity, reliability and comparative fit of the questionnaire; and
- identify critical, development and maintenance areas of the image of the school.

Only 345 valid questionnaires could be used in the study. Additional comments from the questionnaires were divided into positive and negative areas, with several main focus points. The qualitative data were then sorted into these focus areas and quantified. The results of the questionnaire as a measuring instrument showed beyond doubt, that the questionnaire was sufficiently valid and reliable to measure the image of a school. A structural equation model was developed through factor analysis and the statistical department of the North-West University to determine the exact influence of each of the pillars onto the image as well as onto each other. The following results were obtained:

- Only 79% of the *environment contributes* to the image of the school where the environment consists of the parents, the Department of Education and the school governing body;
- The *school culture* consists of the history of the school, the climate within the school, recognition, appearance, discipline, safety and religion. Only 82% of the *school culture* contributes to the image.

- Approximately 85% of *Product Catalogue* supports the image. The *Product Catalogue* is supported by academics, sport, leadership and tertiary alignment.
- Lastly, the image is supported by 84% of *delivery mechanisms* that consists of the principal, teachers, infrastructure and technology of the school.

From the study and the conclusions drawn, the following recommendations were made:

- Parent involvement in supporting their children with homework and with sport and fundraising activities, is insufficient and requires development;
- The selection of teachers, especially in the lower grades, has to have stricter requirements in line with subject needs;
- Safety at school and in particular evacuation plans, requires attention and drills;
- Discipline application between the teacher core has to be standardized and focused on reducing smoking students, intensified;
- The perception of an imbalance between sport and academics requires proper information distribution;
- Formal leadership courses have to be introduced in to the *product catalogue*;
- Performance appraisal for teachers through a Balanced Scorecard and individual development plans have to be introduced; and
- A visible marketing plan utilising the various media available have to be developed.

Key Terminology:

School, image, image model, product delivery, discipline, delivery method, school governing body, principal, school culture, academic, school sport, teachers

AFKORTINGS

BSC	Balanced Scorecard (Performance Appraisal)
CFA	Confirmatory factor analysis
CFI	Comparative Fit Index
EFA	Exploratory factor analysis
ELRC	Education Labour Relations Council
KMO	Kaiser, Meyer & Olkin
RMSEA	The Root Mean Square Error of Approximation
SPSS	Statistical Package for the Social Sciences (SPSS Inc.)
VLR	Verteenwoordigende Leerlingraad

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 SKOLEGESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA 1984 tot 2010	2
1.3 BEELD VAN SKOLE	3
1.4 PROBLEEMSTELLING	5
1.4.1 Skoolomgewing	6
1.4.2 Skoolkultuur	7
1.4.3 Leweringsmetode	7
1.4.4 Produkte en Dienste	8
1.5 DOEL VAN STUDIE	9
1.6 OMVANG VAN STUDIE	9
1.7 NAVORSINGSMETODIEK	9
1.7.1 Fase 1: Literatuurstudie en teoretiese agtergrond	10
1.7.2 Fase 2: Empiriese studie	10
1.8 BEPERKINGS VAN STUDIE	11
1.9 UITLEG VAN STUDIE	11
1.10 HOOFSTUKSAMEVATTING	12

HOOFSTUK 2: DIE BEELD VAN 'N SKOOL	13
2.1 INLEIDING	13
2.2 HOWARD SE BEELDMODEL	13
2.3 OMGEWING	15
2.3.1 Skoolbeheerliggaam	15
2.3.1.1 Visie en Missie	16
2.3.1.2 Doelwitte en doelstellings	16
2.3.1.3 Onderwyserkeuring	16
2.3.1.4 Kurrikulummonitering	16
2.3.1.5 Finansiële begroting en bestuur	16
2.3.2 Ouers	17
2.3.3 Departement van Onderwys	18
2.4 SKOOLKULTUUR	20
2.4.1 Geskiedenis	20
2.4.2 Skoolklimaat	20
2.4.3 Erkenning	21
2.4.4 Voorkoms	22
2.4.5 Dissipline	23
2.4.6 Veiligheid	27
2.4.7 Godsdiens	27
2.5 PRODUKLEWERING	28
2.5.1 Akademie	28
2.5.2 Sport	29
2.5.3 Leierskap	31
2.5.4 Byprodukte	32
2.5.5 Tersière belying	33
2.5.6 Finansies en kostes	34

2.6	LEWERINGSMETODIEK	36
2.6.1	Skoolhoof	36
2.6.1.1	Samelewingsverband	37
2.6.1.2	Statutêre raamwerk	38
2.6.1.3	Organisasie	38
2.6.1.4	Bestuur	38
2.6.2	Leerkragte	38
2.6.3	Infrastruktuur	41
2.6.4	Tegnologie	42
2.7	HOOFSTUKSAMEVATTING	44
	HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE EN RESULTATE	45
3.1	INLEIDING	45
3.2	NAVORSINGSONTWERP	45
3.2.1	Statistiese Tegnieke	45
3.2.1.1	Kaiser, Meyer & Olkin se toets van steekproefgeskiktheid	45
3.2.1.2	Bartlett toets van bolvormigheid	46
3.2.1.3	Faktor ontleding	47
3.2.1.4	Cronbach Alpha betroubaarheid koëffisiënt	49
3.2.1.5	Konstrukt geldigheid	51
3.2.2	Data versameling en analises	51
3.2.3	Die meetinstrument seleksie	52
3.2.4	Populasie en steekproef	53
3.2.5	Die meetinstrument ontwerp	53
3.3	RESULTATE	56
3.3.1	Mate van terugvoer	56
3.3.2	Basiese analise	57

3.4	KWANTITATIEWE ONTLEDING	61
3.4.1	Geskiktheid	61
3.4.2	Geldigheid	63
3.4.3	Betroubaarheid	67
3.4.4	Vraaganalises	68
3.4.5	Struktuur-vergelykingsmodellering	73
3.5	ADDISIONELE KOMMENTAAR UIT DIE VRAELYTE	77
3.6	HOOFSTUKSAMEVATTING	80
	HOOFSTUK 4: GEVOLGETREKKING EN AANBEVELINGS	81
4.1	INLEIDING	81
4.2	GEVOLGTREKKINGS	82
4.2.1	Navorsingsmetodologie	82
4.2.2	Resultate	82
4.3	AANBEVELINGS	84
4.3.1	Navorsingsmetodologie	84
4.3.2	Resultate	84
4.4	AREAS VIR VERDERE STUDIE	88
4.5	STUDIEOPSOMMING	88
	BRONNELYS	91

BYLAE

BYLAAG A: Die Geskiedenis van die Hoërskool Transvalia.	101
BYLAAG B: Vraelys.	106
BYLAAG C: Taalversorgingsertifisering	108

LYS VAN DIAGRAMME

1.1:	POSISIONERING VAN 'n SKOOL	1
1.3:	BEELD VAN 'n INSTANSIE	5
2.2:	BEELD VAN 'n SKOOL	13
2.4:	ONDERWYSER DISSIPLINÊRE STYL	24
3.1:	FAKTOR-ANALISE MODEL	48
3.2:	RESPONDENTE PER GESLAG, OUER EN LEERDER	56
3.3:	RESPONDENTE PER GESLAG	58
3.4:	RESPONDENTE PER OUDERDOMVERDELING	58
3.5:	GEMIDDELDE TERUGVOER VIR OMGEWING	59
3.6:	GEMIDDELDE TERUGVOER VIR SKOOLKULTUUR	59
3.7:	GEMIDDELDE TERUGVOER VIR PRODUKLEWERING	60
3.8:	GEMIDDELDE TERUGVOER VIR LEWERINGSMETODIEK	61
3.9:	STRUKTUUR-VERGELYKINGSMODEL	73
3.10:	REGRESSIE GEWIGTE PER ITEM	74

LYS VAN TABELLE

3.1:	KMO WAARDE-SELEKSIE	46
3.2:	STEEKPROEFSELEKSIE	53
3.3:	OPSOMMING VAN VRAELYTE TERUG ONTVANG	57
3.4:	KMO EN BARTLETT TOETS-OMGEWING	62
3.5:	KMO EN BARTLETT TOETS-OMGEWING (GESUIWER)	62
3.6:	KMO EN BARTLETT TOETS-SKOOLKULTUUR	62
3.7:	KMO EN BARTLETT TOETS-PRODUKLEWERING	63
3.8:	KMO EN BARTLETT TOETS-LEWERINGSMETODIEK	63
3.9:	FAKTOR-ONTLEDING OMGEWING	64

3.10:	FAKTOR-ONTLEDING OMGEWING (GESUIWER)	64
3.11:	FAKTOR-ONTLEDING SKOOLKULTUUR	65
3.12:	FAKTOR-ONTLEDING PRODUKLEWERING	66
3.13:	FAKTOR-ONTLEDING LEWERINGSMETODIEK	66
3.14:	OMGEWING: CRONBACH ALPHA	67
3.15:	SKOOLKULTUUR: CRONBACH ALPHA	67
3.16:	PRODUKLEWERING: CRONBACH ALPHA	68
3.17:	LEWERINGSMETODIEK: CRONBACH ALPHA	68
3.18:	INDEKS-AKSIE TABEL	68
3.19:	OMGEWINGS VRAELYS TERUGVOER	69
3.20:	SKOOLKULTUUR VRAELYS TERUGVOER	70
3.21:	PRODUKLEWERING VRAELYS TERUGVOER	71
3.22:	LEWERINGSMETODIEK VRAELYS TERUGVOER	72
3.23:	REGRESSIE-GEWIGTE PER ITEM	74
3.24:	INTERKORRELASIES TUSSEN ITEMS	75
3.25:	VERGELYKENDE PASBAARHEID SINDEKS (CFI)	76
3.26:	RMSEA	76
3.27:	HOELTER INDEKS	77

HOOFSTUK 1

AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE


1.1 INLEIDING

Onderwys in Suid-Afrika word huidiglik deur intense mededinging gekenmerk (Oplatka, 2007:218). Hierdie mededinging spruit onder andere voort uit die feit dat produk of diensaanbiedinge van skole relatiewe stadia van volwassenheid bereik het.

Volgens Eger en Egerová (2002:45) is dit van kardinale belang vir 'n opvoedingsinstansie om die gemeenskap te monitor in verband met opinies en idees oor die skool en die verwagtinge van die gemeenskap oor onderrigprogramme en dienste wat die skool offer. Volgens hulle is 'n positiewe beeld van die skool baie belangrik. Dit is belangrik om te weet dat die skool se beeld relatief stabiel is.

Hoërskole behoort die beeld van die skool gereeld te bepaal om sodoende die posisionering van die skool in die mark te bepaal en ook om die persepsie van ouers oor die skool te weet (Eger & Egerová, 2002:45). Die aansien van 'n skool is een van die belangrikste faktore in die besluitnemingsproses vir nuwe applikante in die skool. Die model wat Eger en Egerová (2002:46) gebruik vir skool posisionering, is soos volg:

FIGUUR 1.1 POSISIONERING VAN 'n SKOOL



Bron: Eger en Egerová (2002:46)

Volgens Lamb *et al.* (2008:380) is markkortsigtigheid 'n algemene probleem wat ervaar word deur skoolbestuur. Volgens Lamb *et al.* beteken markkortsigtigheid dat die skool gedefinieer word in terme van sy produkte en dienste in plaas van die voordele wat die breër gemeenskap van die skool vereis. Elkus (1991:7) beweer dat dit uiters noodsaaklik is om die strategiese markte in stand te hou. Oorlewing op alle terreine van die skool bly dus 'n prioriteit.

1.2 SKOLEGESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA 1948 tot 2010

Gedurende die Nasionale Party se bewind het die Bantu Onderwys Wet van 1953 funksioneel geword (Fiske & Ladd, 2004:42). Onder hierdie wet het kerke en missionêre groepe wat tot op daardie stadium twee derdes van die opleiding aan swart Suid-Afrikaners gegee het, gedwing om onder regeringsbeheer te kom of hulle subsidies te verloor. Die Rooms Katolieke kerke het geweier en hulle subsidies verloor (Steyn *et al.*, 2003:21). Die ANC het protes aangeteken, sonder enige positiewe resultate. Die regering het effektiewe beheer oor onderwys in die land gehad. Onder hierdie beleid het die vier etniese groepe in die land: Swart, Bruin, Indiër en Blank, afsonderlike beheer gehad tot en met die einde van die apartheids-era.

Die regering het ook gedurende hierdie jare die Afrikaans- en Engelssprekende skole verdeel om sodoende die Afrikaanse kultuur en identiteit te beskerm (Fiske & Ladd, 2004:44). Swart afrikaners kon slegs vir die eerste agt jaar van skool in hulle eie taal onderrig ontvang. Daarna kon opleiding slegs in Afrikaans en Engels ontvang word. Tot en met 1994 is daar ongeveer twee-en-'n-half ($2\frac{1}{2}$) keer meer fondse beskikbaar gestel vir blanke onderrig as vir swart onderrig. Kurrikula is ontwikkel met blanke leerders in ag geneem en die van ander etniese groepe totaal afgeskeep. Die vlak van opleiding van onderwysers was gemiddeld op 'n laerskoolvlak.

In 1980s het die verandering in onderwys sodanig verbeter dat teen 1988 die aantal swart matrikulante die blankes oortref het (Fiske & Ladd, 2004:50). Regeringsuitgawes in die onderwys het met ongeveer twee persentasiepunte van die Bruto Nasionale Produk toegeneem.

Vanaf 1984 tot en met 1994, is die vier etniese groepe deur vier verskillende departemente geadministreer (Steyn *et al.*, 2003:23). Die Departement van Nasionale Opvoeding was die oorkoepelende onderwysdepartement wat die minister bygestaan het.

Vroeg in die 1990s het die ANC 'n manifest vir waardes, onderrig en demokrasie daargestel met hoofsaaklik twee groepe teorieë en konsepte (Kraak & Young, 2001:18). Hierdie twee groepe het bestaan uit praktiese onderwys en die Utopia. Deel van hierdie manifest was om onderwysers te forseer om ten minste een addisionele Afrikataal aan te leer om sodanig daarin onderwys te kan gee (Nkomo *et al.*, 2004:180). Afrikaans en Engelssprekende onderwysers moes daarvolgens 'n Afrika taal aanleer.

Die druk op die regering het toegeneem en teen 1991 het die regering die vier Modelskole, A tot D, tot stand gebring met beperkings op subsidies en die aantal swart leerders (Fiske & Ladd, 2004:50). In 1992 het die regering alle vorige blanke skole tot model C skole verander met beperkte subsidies. Hierdie model C skole moes verdere begrotings aanvul deur skenkings en skoolfooie. Skoolbeheerliggame moes die instelling en invordering van skoolfooie en die beheer van skoolbates uitvoer. Die beperking op swart leerders was 50% tot en met 1994. Na 1994 het skole deur middel van hoë skoolfooie toegang tot die skoolbeheer (Nkomo *et al.*, 2004:53).

Ten 1996 het die regering met ernstige tekorte in klaskamers en ander fasiliteite gesit (Steyn *et al.*, 2003:99). 'n Tekort aan geskoolde onderwysers was 'n verdere probleem.

Volgens artikel 29 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (SA, 1996a), het elke mens die reg tot basiese onderrig. Daar is geen ouderdom aan hierdie artikel gekoppel nie, wat impliseer dat oud en jonk hierdie onderrig kan ontvang.

1.3 BEELD VAN SKOLE

Die beeld en reputasie van 'n skool word bepaal deur persepsies en observasie van kerndeelhebbers naamlik leerders, personeel, ouers en die breër gemeenskap. Howard (1998:3) gebruik 'n model om aan te toon dat die beeld bestaan uit sigbare, verbale en

gedragselemente. Volgens hom is daar vier verskillende elemente wat 'n direkte invloed op die beeld van 'n skool het:

- Skoolomgewing;
- Skoolkultuur;
- Leweringsmetode; en
- Produkte en dienste.

Ouers is oor die algemeen baie meer selektief in die keuse van 'n skool vir hul kinders (Molland, 2007:22). Dit is dus in die skool se belang om 'n positiewe beeld daar te stel en in stand te hou om sodoende die skool se voortbestaan te verseker. 'n Skool se beeld kan gedefinieer word as die persepsies ten opsigte van die instelling, die skoolhoof, onderwysers asook huidige en historiese leerders (Howard, 1998:15). Dit is dus ook duidelik dat die beeld van 'n skool nie 'n vaste entiteit is nie. Volgens Reniham en Reniham (1988) kan 'n skool se beeld gedefinieer word as die som van al die subjektiewe opinies rakende die kwaliteit van opvoeding en die sosiale omgewing. Verder beweer hulle dat die geheelbeeld van die skool ondersteun word deur die volgende faktore:


- Leierskapstyl
- Duidelike doelwitte en visie van die skool
- Positiewe klimaat
 - o Akademiese prestasie
 - o Leerkragprestasie
 - o Hoë leerdergetalle
 - o Vlak van ouerbetrokkenheid
 - o Vlak van 'n leerder se motivering en *Esprit de corps*
- Tersiere belyning
- Kommunikasiepatrone tussen die skool en gemeenskap

Verdere faktore met betrekking tot die beeld is die volgende:

- Dissipline;
- Infrastruktuur en fasiliteite;
- Veiligheid en sekuriteit;
- Mate van voorsiening van die gemeenskap se behoeftes; en
- Openbare betrekkinge van die skool.

Hoe hoog 'n skool beskou word in terme van publieke status, is 'n direkte refleksie van die skool se beeld.

FIGUUR 1.3: BEELD VAN 'n INSTANSIE



Bron: Howard (1998:15)

1.4 PROBLEEMSTELLING

Een van die grootste probleme wat Afrikaanse hoërskole, en dan in besonder, die Hoërskool Transvalia, in die gesig staar, is die vermoë om sosiale kohesie te behou. (Nkomo & Vandeyar, 2008:7). Sosiale kohesie is die vermoë om kompetend en in pas te bly met die bronne, ondanks veranderings in die onmiddellike demografiese en sosiale omgewing.

Indien die faktore wat 'n skool se beeld beïnvloed ondersoek, vind die volgende probleme:

1.4.1 Skoolomgewing

Daar is toenemende druk vanaf 'n eksterne omgewing soos die Departement van Onderwys, om te konformeer na 'n gelyksoortige “onderwysmasjien” wat skole sonder enige beeld of aantrekkingskrag laat (Steyn *et al.*, 2003:23). Hiervolgens word die toekenning van poste aan skole gebaseer op die aantal leerders, klasgroottes per graad, vakgebied, grootte van die skool, die betrokke leerplan, kontaktyd per week asook taal-behoeftes van 'n spesifieke graad (SA, 2009:16). Hierdie implementering word tans in 'n beperkte mate getoets. Implementering hiervan sal verdere druk op skole uitoefen vanaf 'n ekonomiese perspektief indien hierdie skole enkelmedium Afrikaanssprekend wil bly.

Finansies en die finansiële bestuur van 'n skool het 'n verdere impak op die faktore wat 'n skool identifiseer. Volgens Du Plessis (2002:24) beskik baie skoolhoofde oor onvoldoende finansiële bestuursvaardighede wat tot die ondergang van goeie skole kan lei. In 'n ekonomiese onstabiele wêreld het dit van kardinale belang geword om skole finansiël as 'n besigheid te bestuur om sodoende volhoubaarheid te verseker. Skoolhoofde speel 'n belangrike rol in die modellering van 'n skool deur fokus, prioritisering, innovasie en samewerking. Terwyl leierskap duidelik nie net die funksie van een persoon is nie, is die prinsipaal, volgens navorsing deur Minneapolis openbare skole (Minneapolis Public Schools, 2008:3), 'n sleutelspeler in die leiding, inspirasie en ondersteuning van personeel en leerders.

Ouers het 'n al groter-wordende behoefte om in 'n baie kompeterende samelewing, hul kinders 'n goeie kans te gee om 'n loopbaan te kan bou (Mncube, 2009:90). Volgens die skrywer oefen ouers groter druk uit op die skool om waardetoevoeging tot hulle kinders se opvoeding te kry weens die koste van onderrig. Dit skep 'n probleem vir die skool aangesien die skool binne sekere statutêre limiete funksioneer. 'n Ander probleem wat hiermee gepaard gaan, is die feit dat ouers nie weet wat hul ouerlike regte en verantwoordelikhede is soos wat in die Witskrif oor Onderwys en Opleiding (SA,1995:21) deurgegee word nie. Ouers wat 'n nuwe hoërskool vir hulle kinders moet kies, is dikwels oningelig rakende faktore wat werklik van belang is vir hul kinders se opleiding en hoe hulle doeltreffende evaluering van skole behoort te doen (Mncube, 2009:91).

1.4.2 Skoolkultuur

Dowling (2008:14) redeneer dat 'n skoolkultuur die waardes van 'n skool vervat. Volgens hom ondervind baie skole 'n probleem om in die veranderende omstandighede te oorleef weens onvermoë om die kultuur binne die skool te verander.

Dissipline is huidiglik een van die grootste probleme in skole (Mncube, 2009:92). Volgens hom ken die personeel en die beheerliggaam nie korrekte dissiplinêre prosedures nie, en verstaan hulle die nie grense van hulle magte nie.

1.4.3 Leweringsmetode

Die hedendaagse skoolhoof is nie net meer 'n onderwyser met addisionele verpligtinge nie, maar weliswaar 'n meervoudige rolspeler (Breed, 2008:2). Skoolhoofde het nog nooit formele opleiding ontvang om hierdie rolle soos finansiële bestuurder, menslike hulpbronnbestuurder, bemarker en vele meer te kan speel nie. Die skool se beeld ly ontsaglike skade weens skoolhoofde se onvermoë om die skool te bemark (Oplatka, 2007:218).

Weens 'n tekort aan bekwame onderwysers word onderwysers toenemend aangestel in poste waarvoor hulle nie bekwaam is nie (ELRC, 2005:76). Onderwysers is onderliggend aan die produkaanbiedingsmengsel. Die eksterne ekonomiese omgewing het hier 'n insiggewende invloed op die salarisse van departementeel aangestelde personeel, asook beheerraadposte. Die nadraai van hierdie invloed het 'n impak op sekere beeldfaktore (Chrisholm, 2009:23). Verder is die afname in personeel ongeveer 5.5% per jaar, en die hoeveelheid nuwe gekwalifiseerde onderwysers slegs 'n derde van die afname getal. Volgens Chrisholm (2009:24) het die koste van die studies en die lewenskoste gedurende die tyd van studie ontsaglik toegeneem.

Onderwysers verlaat die onderwys weens die feit, dat alhoewel die salarisse aan die verbeter is, hulle nog steeds nie by ander professies kan kersvashou nie (Chrisholm, 2009:25). Daar is 'n afname van meer as 1% van manlike personeel per jaar volgens die Departement van Onderwys (2008). 'n Tekort aan manlike personeel het veral 'n impak op die sportprodukte van 'n skool (Van Zyl, 2009). Nuwe, voldoende gekwalifiseerde personeel is skaars en moeilik bekombaar weens die langdradige

proses wat die departement voorskryf (Chrisholm, 2009:29). Sy beweer verder dat om hierdie rede baie onderwysers in poste is waarvoor hulle nie gekwalifiseer is nie.

1.4.4 Produkte en Dienste

Die kwaliteit van onderrig in 'n skool, en dan in besonder die akademiese prestasie en matriekslaagsyfer, is een van die belangrikste faktore in die beeld van 'n skool. Met die nasionale onderwysbegroting wat sedert 2005 tot 2008 verdubbel het, bly die aantal leerders wat universiteitstoelating verwerf, op 'n skamele 2.7% (Bloch, 2007). Volgens Helen Perry wat die 100 beste skole in die land wetenskaplik getoets het, is die belangrikste faktore die volgende (Perry, 2009:1):

- Matriekslaagsyfer;
- Persentasie van leerders met universiteitsvrystelling;
- Die gemiddelde aantal A-simbole per leerder;
- Die aantal leerders met meer as 50% vir Wiskunde; en
- Die aantal leerders met meer as 50% vir Wetenskap.

Akademiese prestasie in veral die Wiskunde- en Wetenskapvakrigtings bepaal definitief die aansien van 'n skool in die land.

Daar is 'n duidelike afname in die aantal Afrikaanse enkelmediumskole in die laaste paar jaar. Volgens die minister van onderwys, Naledi Pandor (2004-2008), het hierdie skole afgeneem van 2 148 in 1999 tot sowat 1 599 in 2004 (SA, 2008:109). Laasgenoemde verslag toon ook 'n afname in die skole wat Afrikaans as 'n medium van onderrig gebruik. Hierdie afname in skole is 'n duidelike teken dat Afrikaanse skole onder toenemende druk verkeer wat baie skole noop om in ander tale onderrig te begin gee ten einde sodoende volhoubaarheid te verseker.

Gesondheidsprobleme soos hoë bloeddruk, suikersiekte en ander fisieke probleme is te bespeur in skole waar daar nie sport beoefen word nie (Beets & Pitetti, 2005:25).

Volgens Van Schalkwyk (2009), is daar 'n ernstige gaping tussen sekondêre en tersiêre onderrig. Van Schalkwyk spreek sy kommer uit oor die onvoorbereidheid van skoliere vir hul intrede tot 'n universiteitsvlak.

Die wêreldwye ekonomiese insinking het ook 'n invloed op skoolfooie en is duidelik te bespeur in die afname van R5 172 369 886 in 2006, tot R4 227 100 730 in 2007 (SA, 2009:1). Skole vind dit moeilik om skoolfooie te in weens werkloosheid, politieke redes en sosiale redes, waar die ouer, onderrig as die staat se verantwoordelikheid ag (Landsberg *et al.*, 2005:28). Volgens Mncube (2009:93) laat die wet skole ook nie met effektiewe meganismes vir die insameling van skoolfondse nie.

1.5 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om 'n model saam te stel wat die beeld van 'n skool bepaal. Die samestelling van die model sal soos volg gedoen word:

- Faktore uit die literatuurstudie te identifiseer word;
- Faktore uit die empiriese studie te identifiseer word;
- Faktore te toets wat 'n invloed op die beeld van die skool mag hê;
- Prioriteite aan die verskillende faktore toe te ken; en
- Bestuursinsette te ontwikkel ten einde die beeld te verhoog.

1.6 OMVANG VAN DIE STUDIE

Die omvang van hierdie studie is om faktore uit te lig wat 'n invloed op die beeld van 'n skool mag hê. Die literatuurstudie sal konsentreer daarop om die voldoende teoretiese onderbou van die studie te bespreek ten opsigte van die verskillende faktore wat die beeld van 'n skool onderhou. Die studie is daarop gemik om relevante navorsing te ontleed, asook die individuele faktore wat die beeld daarstel. Verder is die mikpunt om te probeer vasstel wat vir ouers belangrik is en dit dan deel te maak van die holistiese beeld van die skool.

Die empiriese studie sal poog om deur middel van vraelyste die literatuurstudie te ondersteun met 'n fokus op die teiken populasie om hiervolgens die unieke benodigdhede van die onmiddellike samelewing te bepaal om sodoende insiggewende kennis in te win ter voorbereiding van 'n aanbeveling vir die strategiese beplanning van die skool.

1.7 NAVORSINGSMETODIEK

Hierdie studie bestaan uit beide 'n literatuurstudie en 'n empiriese studie.

1.7.1 Fase 1: Literatuurstudie en teoretiese agtergrond

Die doel van die literatuurstudie is om die belangrikste praktiese oorwegings in die literatuur te identifiseer en saam te voeg in 'n formaat wat op die skool van toepassing is. Verder sal daar van plaaslike bronne (primêr en sekondêr) gebruik gemaak word om soveel moontlike inligting ten opsigte van die beeld van 'n skool in te win.

1.7.2 Fase 2: Empiriese studie

- **Populasie:** Vir die doel van hierdie navorsing is die populasie uit Transvalia se ouers, leerders en onderwysers geneem as populasie.
- **Steekproef:** 'n Verteenwoordigende steekproef van hierdie groep is ewekansig geselekteer. 'n Stel vraelyste sal aan onderskeidelik 20 seuns- en 20 dogter-leerders per graad gegee word en ook aan hierdie leerders se ouers. Al die onderwysers, insluitend die skoolhoof en beheerliggaam, sal ook vraelyste ontvang. Hierdie sal dan die grootte van die steekproef uitmaak.
- **Gestruktureerde vraelys:** 'n Gestruktureerde vraelys sal gebruik word waar skoolhoofde, personeel, ouers en leerders op 'n vyfpuntskaal aandui in watter mate hulle saamstem met die faktore wat in die literatuurstudie geïdentifiseer is.
- **Resultate:** Die resultate sal ontleed word deur gebruik te maak van faktor-ontleding en die effekgrootte van verskille in die houdings van groeperings van hoofde, personeel en ouers op grond van gegewens verkry uit die biografiese inligting.
- **Statistiese analise:** Toepaslike statistiese tegnieke sal gekies word in oorleg met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes Universiteit.

1.8 BEPERKINGS VAN STUDIE

Hierdie studie word beperk tot Vanderbijlpark en die bevindings kan nie veralgemeen word en op die res van Suid-Afrika van toepassing gemaak word nie. Vanderbijlpark het 'n unieke mengsel van mense, skole en omgewingsfaktore wat die gebruik van die resultate van die studie in ander dele van die land ondoeltreffend sal maak. Noukeurige evaluering van die demografiese en omgewingsfaktore sal gedoen moet word alvorens die resultate gebruik kan word.

1.9 UITLEG VAN DIE STUDIE

Die hoofstukke in hierdie skripsie is soos volg:

Hoofstuk 1: Aard en omvang van die studie. In hierdie hoofstuk word die probleem van die veranderende persepsies van die beeld van 'n skool beskryf en die beplanning van die studie om die impakfaktore van 'n beeld.

Hoofstuk 2: Die beeld van 'n skool. Hierdie hoofstuk ondersoek verskeie literatuurstudies rakende die model wat die model van 'n skool onderbou.

Hoofstuk 3: Navorsingsmetodologie en resultate. Binne hierdie gedeelte word die metodes van navorsing opgeweeg. Die meetinstrument-ontwerp word gedoen en die resultate van die empiriese studie word ook gedoen.

Hoofstuk 4: Gevolgtrekking en aanbevelings. In hierdie gedeelte word die resultate van die vorige hoofstuk in perspektief geplaas, en gevolgtrekkings rakende die verskeie faktore wat die beeld beïnvloed, gemaak en aanbevelings gedoen aan die skool om die areas waar daar tekortskiet aan te spreek, maar ook om die areas van prestasie nog verder te versterk.

1.10 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die belangrike faktore wat die beeld van 'n skool beïnvloed. Hierdie interne en eksterne faktore het gelei tot die probleemstelling en die vrae wat die navorsing sal rig. Vervolgens is die doel van die navorsing en die navorsingsmetodiek bespreek.

In die opvolgende hoofstukke sal 'n studie gemaak word van hierdie faktore en die daaropvolgende aanbevelings.

HOOFSTUK 2

DIE BEELD VAN 'N SKOOL


2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar in diepte gekyk na die skool as instansie, en die milieu waarin die skool funksioneer asook die interaksie wat binne die skool verneem 'n rol speel. Daar word deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek ingestel na die vier verskillende areas waaruit die beeld van 'n skool bestaan. Elke area word dan verder opgebreek om die rolspelende faktore te identifiseer.

2.2 HOWARD SE BEELDMODEL

Die beeld van 'n skool bestaan uit al die sigbare, verbale en gedragselemente wat die instansie definieer (Howard, 1998:3). Verder beweer hy dat die beeld 'n dinamiese verwesenliking van die hoof se visie, missie en strategiese beplanning is. Howard gebruik 'n model om die beeld van 'n instansie te definieer.

FIGUUR 2.2: BEELD VAN 'N SKOOL



Bron: Aangepas uit Steyn *et al.*, (2003:99)

Howard beweer in dat al hierdie faktore, aangedui in Figuur 2.2, van 'n instansie bestuur moet word ten einde die beeld te behou of te verbeter. Die omgewing is immerveranderend, met die wêreld-ekonomie een van die grootste rolspelers (Howard, 1998:7). Howard definieer die omgewing as die ligging, die verandering in kliënte (ouers), kompetisie (ander skole) en wetgewing. Die kultuur definieer hy as houding binne die instansie wat kreatiewe, strategiese en omgewingsgedrewe verandering ondersteun.

Die **omgewing** bestaan uit hoofsaaklik eksterne belanghebbendes (Crothers, 2009:6): In die geval van die skole se beeld, behels dit die volgende faktore. Skole funksioneer nie in 'n vakuum nie en is deel van gemeenskappe en daarom is daar verskeie omgewingsfaktore wat die skool beïnvloed (Joubert-Serfontein, 2005:26).

- Ouerbeheerliggaam;
- Ouers;
- Departement van Onderwys; en
- Kommunikasie.

Die **produktelewing** van 'n skool bestaan uit alles wat die skool in die prospektus publiseer in terme van die akademie, sport, kultuur, leierskap en buitemuurse aktiwiteite.

Die **lewingmetode** van die skool bestaan uit die volgende faktore en die meganismes wat gebruik word om die onderrig te bewerkstellig, naamlik die skoolhoof, die onderwysers, die infrastruktuur en tegnologie.

Die **skoolkultuur** bestaan uit die volgende: (Steyn *et al.*, 2003:99)

- Geskiedenis;
- Skoolklimaat;
- Erkenning;
- Voorkoms;
- Dissipline; en
- Godsdiens.

2.3 OMGEWING

2.3.1 Skoolbeheerliggaam

Die hoofstruktuur wat die nuwe skolewet (No. 84 van 1996) het ten doel om beheer van skole terug te gee aan die gemeenskap. Verder poog die wet om betrokkenheid van ouers en die gemeenskap te bevorder.

Skoolbeheerliggame, volgens Quan-Baffour (2006:14), het die beskermers van opvoeding in die land geword. Hierdie beskerming het ten doel om die beste belange van die skool te promoveer, asook die voordurende ontwikkeling van die onderwyskwaliteit vir alle leerders. Ten laaste het die beheerliggaam dit ten doel om die prinsipaal, die onderwysers en ander personeel te ondersteun in die uitvoering van hul professionele funksies (Quan-Baffour, 2006:16).

Skoolbeheerliggame of te wel skoolbeheerliggame, het aangetoon dat hulle die vermoë het om strategiese en rigtingbepalende rolle te kan speel in die beheer en bestuur van 'n skool. Volgens Phuta (2005:6) dra hierdie liggaam die uiteindelijke verantwoordelikheid vir toerekenbaarheid van die skool aan die Departement van Onderwys, asook die leerders, leerkragte en ouers.

Skoolbeheerliggame is skeppings van die sosiale omgewing en moet daarom kontinu aanpas by veranderende toestande om die behoeftes van belanghebbendes te bevredig (Joubert-Serfontein, 2005:26). Volgens Joubert-Serfontein het die beheerliggaam dan ook sekere magte en verpligtinge soos om die taalbeleid van 'n skool te bepaal, toegangsvereistes vir die skool en die aanstelling van tydelike onderwysers.

Die beheerliggaamfunksies word in die volgende hoofgroepe ingedeel (Quan-Baffour, 2006:14):

- Die ontwikkeling van 'n visie en missie vir die skool;
- Die daarstel van doelstellings en doelwitte;
- Die aanstelling van geskikte onderwysers en hul ontwikkeling;
- Die monitering van kurrikulumstandaarde; en
- Finansiële begroting en bestuur.

2.3.1.1 Visie en missie

Volgens Quan-Baffour (2006:20) is die visie en missie die amptelike keuse om 'n bepaalde doelwit te bereik op 'n sistematiese en konsekwente wyse. Dit is 'n dinamiese beeld van wat die skool kan en behoort te wees en omvat die karakter, identiteit en rede vir die skool se bestaan. Die beheerliggaam moet dan ook hierdie keuse saamstel en toesien dat dit deurgevoer word en die standaard op alle vlakke gemoniteer word.

2.3.1.2 Doelwitte en doelstellings

Hierdie funksie het dit ten doel om spesifieke uitkomst te omsig te vat van die opvoedkundige ervaring wat die skool die leerders wil bied daar te stel binne die raamwerk van die wet, met duidelike aksiestappe, datums en verantwoordelike persone (Quan-Baffour, 2006:21).

2.3.1.3 Onderwyserkeuring

Die beheerliggaam het sekere magte rakende die daarstel van onderwysers. Dit sluit ondermeer in die menslike hulpbronnbestuur van hierdie personeel soos wat deur die arbeidswet daargestel word, asook die werwing en keuse van onderwysers. (66/1995) Hierdie wet stel dit ook duidelik dat daar 'n ontwikkelingsplan vir onderwysers moet wees. Hierdie funksie sluit baie duidelik leerderbetrokkenheid uit (No. 84 van 1996).

2.3.1.4 Kurrikulummonitering

Die beheerliggaam verteenwoordig die ouers en breër gemeenskap in die monitering van die implementering van die kurrikulum. Hoewel hulle nie die kurrikulum kan voorskryf nie, moet hulle 'n wakende oog oor die standarde hou. 'n Gedragskode moet daargestel word deur die beheerliggaam om enige ongeregtighede te voorkom wat enigsins aan die skool kan afbreuk doen.

2.3.1.5 Finansiële begroting en bestuur.

Skole benodig geld om te kan funksioneer. Volgens Quan-Baffour (2006:49) het swak finansiële bestuur 'n baie negatiewe uitwerking op die funksionering van skole. Onvoldoende fondse beteken onvoldoende onderwysers, onvoldoende fasiliteite en dus 'n negatiewe impak op die leerder se onderrig.

Phuta (2005:5) beweer verder dat sukses bepaal word deur 'n reeks omgewingsfaktore wat ondermeer insluit die infrastruktuur, die ouers en die gemeenskap. Volgens Phuta (2005:13) het effektiewe beheerliggame die volgende eienskappe:

- Toegang tot omvattende reeks van prestasie-inligting;
- Die nodige vaardighede om hierdie inligting te kan interpreteer;
- Sterk struktuur;
- Die vertroue om onderprestasie aan te spreek; en
- Ope vertrouensverhouding met die skool en sy prinsipaal.

'n Interessante bevinding van Connors en Epstein (1994:19) was dat leerders verteenwoordiging binne die beheerliggame wil hê.

2.3.2 Ouers

Heedendaags bepaal ouers na watter skool hulle kinders gaan. Die motiveringsredes wat hulle gebruik, kan legio wees, maar dit is waarskynlik een van die belangrikste besluite wat 'n ouer kan neem (Molland, 2007:22). Indien in ag geneem dat kinders meer as 16 000 ure op skool spandeer, is dit belangrik dat 'n ouer tyd spandeer om die regte skool te kies.

Ouers voel dat hulle nie in schoolsake moet inmeng nie weens eie ondervinding dat onderwysers gesien word as heilig en onaantasbaar. Onderwysers is in die ouer se eie jeug as die fundamentele bron van gesag en kennis gesien. Volgens Murray *et al.*, (1977:2) verander hierdie perspektief namate die ouer groter word, dat onderwysers menslik en feilbaar is. Dit is dan veral met eerste kinders dat ouers begin betrokke raak in die kruistog vir kinders se geregtigheid op skool.

Die vraag is wat doen ouers en hoe beïnvloed dit die skool? Volgens Murray *et al.*, (1977:238) kan die ouer wat wel betrokke raak, vertolk, naamlik:

- “Geval-advokaat”; of
- “klas-advokaat”.

Die *geval advokaat* herken 'n kind in nood wat iets vanaf die skoolsisteem nodig het en beywer hom- of haarself daarvoor om in 'n volwasse wêreld vir die kind in te staan.

Hierdie advokaat besef die nood van die kind en die beskikbare bronne van die skool en van die bronne buite skoolverband en probeer om 'n werkbare oplossing te bewerkstellig. Die *klasadvokaat* daarenteen herken die behoeftes van 'n hele groep en probeer dan 'n oplossing bewerkstellig.

'n Werkbare oplossing beteken, volgens Mncube (2009:97), dat ouers en onderwysers saamwerk om die vlak van onderwys te bevorder. Mncube beweer dat dit vir onderwysers wat saam met ouers werk, veel makliker is om die hele leerlinge te verstaan en dus die metode van kennisoordrag sodanig aan te pas by daardie spesifieke leerling tot voordeel van almal. Verder, volgens Mncube, kan ouerbetrokkenheid in die onderwys met verskeie positiewe akademiese uitkomst geassosieer word. Die probleem wat geïdentifiseer is, is dat die besluitnemingsproses van ouers om wel betrokke te raak in hulle kinders se opvoeding, nog redelik onbekend is en dat die verstaan van hierdie prosesaktivering 'n positiewe effek op die skool kan hê. Een van die redes is dat baie ouers nie die nodige vaardighede of kennis het om hulle pligte effektief uit te voer nie, met die gevolg dat hierdie pligte dan terugval op die prinsipaal se skouers. 'n Verdere punt wat Mncube (2009:97) maak, is dat skole nie die verantwoordelikhede tussen die verskeie belanghebbendes verdeel nie. Ouers is dus nie bewus van hulle eie regte en verantwoordelikhede nie.

Connors en Epstein (1994:8) beweer uit hulle navorsing dat meer as 70% van ouers wat hulle genader het, graag betrokke wil wees, maar dat hulle onvoldoende inligting het en onbekwaam voel oor die korrekte benadering van skoolbetrokkenheid. 'n Verdere tekort wat hulle opgemerk het, was dat leerders, ouers en onderwysers dit eens was dat gebruike om ouers te help om leerderhuiswerk te monitor en verbeter, onwikkel en geïmplementeer moet word. Hulle navorsing dui ongelukkig ook daarop dat bitter min ouers betrokke is by die skool, en dat slegs ongeveer 25% van die steekproef te kenne gegee het dat die skool hulle genader het om betrokke te raak by die skoolaktiwiteite.

2.3.3 Departement van Onderwys

Breed (2008:11) beweer dat die skoolhoof die verteenwoordiger van die departement binne die skool is. Dit is die skoolhoof se verantwoordelikheid om die wetsbepalinge en

onderwysbeleid, soos deur die departement daargestel, toe te pas. Weens die feit dat hierdie bepalinge gereeld verander, is dit van kardinale belang dat daar 'n noue samewerking tussen die skoolhoof en die departement is.

Die departement van onderwys gebruik wetgewing om die onderwys in die land te bestuur. Enige wetgewing is ondergeskik aan die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (SA, 1996a). Hierdie wette word hoofsaaklik saamgevat in die volgende wette.

- Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996b).
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c).
- Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998a).

Volgens Breed (2008:24) is hierdie die hoofwette en raamwerk waarin die skool funksioneer. Daar is nog 'n hele aantal wette wat die skool direk raak. Enkele van hierdie wette is die volgende:

- Die Wet op Arbeidsverhoudinge (SA, 1995a)
- Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (SA,1997)
- Die Wet op Gelyke Indiensneming (SA, 1998b)
- Die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid (SA,1993)
- Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SA, 1995b)

Breed beweer verder dat, volgens artikel 43 van die Grondwet (SA, 1996a), elke provinsie die nodige gesag het om addisionele provinsiale wette te proklameer.

Na die wetgewing is daar verdere regulasies, proklamasies en skoolreëls wat saam met die wetgewing die onderwysbeleid bepaal en so die raamwerk waarin 'n skool mag funksioneer (Breed, 2008:25).

2.4 SKOOLKULTUUR

2.4.1 Geskiedenis

Die konsep van kultuur word in onduidelikheid gehul met 'n warboel van definisies (Dowling, 2008:7). Dowling voer aan dat skoolkultuur die instrument is waarby die skool basiese praktiese probleme oplos weens die unieke gemeenskap waarin die skool funksioneer en waaruit die skool bestaan. Die belangrikheid in die studie van skoolkultuur is dat dit 'n mate van beheer oor die skool se toekoms bewerkstellig.

Dowling (2008:20) se navorsing toon dat histories die navorsing van kultuur reeds in 1802 begin het en dat dit deur die jare eers deur die Oosterse en later deur die Westerse wêreld ondersoek is as gedragsvormende instrument in organisasies.

Hall (1997:27) definieer skoolkultuur as 'n patroon van oortuigings en verwagtings wat deur al die onderwysers en leerders gedeel word.

2.4.2 Skoolklimaat

Breed (2008:34) definieer die skoolklimaat van 'n skool as die gevoel wat leerders en onderwysers oor hul skool het (Organisasieklimaat). Die klimaat word lewend gehou deur die onderwysers en leerders wat aktief en werkend binne die skool is deur die verskillende prosesse in die skool, die uitleg, die verskillende vorms van kommunikasie, hul gesindhede toewyding en lojaliteit.

'n Ander definisie volgens Milner en Khoza (2008:158), is dat die skoolklimaat gedeelde persepsies is van reëls, praktyke en prosedures, beide geskrewe en ongeskrewe. Hierdie persepsies stel die leerders en onderwysers in staat om sin te maak uit die mengelmoe van stimuli, 'n moontlike uitkoms te voorspel, en 'n geskikte respons te inisieer. Dowling (2008:10) beskou die skoolklimaat as 'n onaantasbare konsep wat bestaan uit waardes, gelowe, aannames, persepsies en gedrag.

Hierdie klimaat maak 'n skool uniek (Breed, 2008:36). Geen skool het dieselfde atmosfeer, of interne funksionering nie. Die hoofrede hiervoor, is dat die inisieerders

van hierdie klimaat, naamlik die leerders en onderwysers uniek van skool tot skool. Elke leerder se ervaring van die skool se waardes en norms is anders as enige ander een. Anders gestel, weerspieël die klimaat van 'n skool die leerders en onderwysers se waardes en norms. Indien die klimaat dus positief is, word gelukkige leerders en onderwysers aangetref. Volgens Breed (2008:38) is hierdie gemoedstoestande van die leerders 'n goeie maatstaf vir skoolhoofde om regstellend of bemoedigend op te tree. Die volgende faktore moet volgens hom dopgehou word:

- Die opvoedingsfilosofie van die skool;
- Die etos van die skool;
- Die missie van die skool;
- Die skool se onderwysdoelwitte;
- Die akademiese werk by die skool;
- Sportbeoefening by die skool; en
- Die kultuuraktiwiteite by die skool.

Dowling (2008:14) beweer dat 'n akademies-effektiewe skool uitgeken word aan sy kultuur van waardes en norms. Indien 'n skool meer effektief wil word, moet die skoolhoofde en ander leiers aandag gee aan die skoolkultuur en dit in 'n rigting probeer beïnvloed.

2.4.3 Erkenning

Motivering kan gedefinieer word as 'n interne staat wat doelgerigte gedrag inisieer en instandhou (Nagel, 2004:10). Dit word beskou as persoonlik, doelgerig en opbeurend. Volgens Nagel (2004:10) speel motivering 'n ernstige rol in die suksesvolle leerder se vordering, kontinue inhandiging van take en afhandeling van die jaar se studies.

Die self-doeltreffendheid teorie verwys na 'n leerder se vermoë om sy of haar doelwitte te bereik en struikelblokke te oorkom (Baron & Byrne, 1996:170). Nie alle leerders het egter hierdie vermoë nie. Volgens Herzberg (Kreitner & Kinicki, 2007:240) se motiverings teorie, is motiveerders daardie aspekte van skoolgaan en leer wat selftevreidenheid tot gevolg het, waarvan erkenning vir prestasie en goeie werk die belangrikste is (Gerber *et al.*, 1998:277). Gerber beweer dat hierdie teorie naby is aan die Behoefteteorie van Maslow.

Volgens Coetsee (2002:17) kan skoolhoofde en onderwysers nie direk motiveer nie, maar kan 'n omgewing skep waarin die individu aangemoedig voel om beter te presteer. Verder beweer hy dat leerders gemotiveer word deur die aantrekking wat die gevolge van prestasie inhou soos byvoorbeeld ere-kleure, en erkenning voor die skool vir prestasies. Die teendeel is egter ook waar dat indien die leerder nie hou van die uitkoms of erkenning nie, sal hy of sy nie werklik gemotiveer word om te presteer nie. Coetsee waarsku egter dat daar moet gewaak word teen te maklike erkenning, ook aangesien dit sosiale gemaksug tot gevolg kan hê en die impak van die erkenning verlaag.

2.4.4 Voorkoms

Hoffler-Riddick (1998:14) beweer dat die vere die voël maak. Voorkoms bestuur het te make met psigologiese prosesse te make met ons denk en gedrag oor hoe ons lyk. Voorkoms persepsies bepaal oor hoe ons evalueer en besluite maak op grond van hoe ons lyk. Hoffler-Riddick voer aan dat leerders wat glo dat hul voorkoms hulle laat slim voorkom, tree dan ook so op. Daar is dus 'n direkte verband tussen voorkoms en gedrag. Indien leerders dus nie die klere kan koop wat hulle wil nie, skep dit 'n gevoel van ondergeskiktheid tussen portuurgroepe en mag dus hul gedrag, groepsaanvaarding en deelname beïnvloed. 'n Swak selfbeeld lei tot swak prestasie.

Volgens Hoffler-Riddick (1998:18) is daar 'n groeiende eenstemmigheid dat daar 'n direkte verwantskap is tussen skooldrag en die beeld van 'n skool. Skole keer terug na skooldrag om gedrag te beheer.

Die skooldrag en voorkomsbeheer hou die volgende voordele in (Hoffler-Riddick, 1998:20):

- Die skooluniform is 'n simbool van skool identiteit;
- Dit is 'n gelykmaker vir sosio-ekonomiese agtergronde;
- Dit voorkom interpersoonlike kompetisies ten opsigte van voorkoms.
- Word die besigheidsdrag van suksesvolle leerders en skole;
- Help om indringers dadelik te identifiseer;
- Bevorder dissipline en respek vir onderwysers;


- Bevorder die gees van die groep; en
- Verlig die druk op ouers ten opsigte van die koste van klere.

2.4.5 Dissipline

Die beeld van elke skool is uiters belangrik. Die publiek assosieer met hierdie beeld van 'n kalm, gedissiplineerde of chaotiese skool (Quan-Baffour, 2006:71). Die publiek etiketteer die skool as goed of sleg volgens hierdie beskouing en geen ouer of leerder sal met 'n slegte beeld geassosieer wil word nie. Volgens Quan-Baffour (2006:14) is dit uiters noodsaaklik dat daar 'n gedragskode vir die skool bestaan en geïmplementeer is.

Dissipline is een van die kritiese probleme wat elke skool vandag in die gesig staar. Volgens Tomal (2001:38) is daar toenemende geweld in skole, leerder protesaksies, regsaksies en klaskameronderbrekings wat meer effektiewe dissipline in skole noodsaak. Daar is volgens die skrywer verskeie modelle waarvolgens dissipline in skole toegepas word. Hierdie style word geken as dissipline deur dwang; dissipline deur waardigheid; dissipline deur selfbeheersing; en dissipline deur onderhandelinge. Onderwysers soek deurgaans na meer effektiewe metodes om leerdergedrag te beheer. Volgens Van Zyl (2009) is dit vir onderwysers nodig om dissipline vinnig, regverdig en konsekwent toe te pas. Verder is dit sy oortuiging dat die straf die oortreding moet pas.

Figuur 2.4 Onderwyser Dissiplinêre Style



Bron: Tomal (2001:39)

Die voorafgaande figuur dui die omvang van dissiplinêre style aan. Onderwysers hanteer dissiplinêre probleme volgens verskeie style en dit hang af van sy of haar mate van ondersteuning van die leerder of toepassing van die reëls. Tomal (2001:41) plaas die dissiplinêre style in die volgende vyf kategorieë:

- Ondersteuner
 - o soek harmonie
 - o behulpzaam
 - o besluitloos
 - o ontwykend
- Onderhandelaar
 - o soek uitsluitel
 - o wen-wen benadering
 - o objektief
 - o verbind tot oplossing
- Kompromittant
 - o manipuleer
 - o beperk kreatiwiteit
 - o teenstrydig

- Afstanddoener
 - o doen min
 - o vermy probleme
 - o kluisenaar
 - o ignoreer leerders
- Diktator
 - o selfregverdiging
 - o intimideerend
 - o dreigend
 - o verkleinerend

Die onderwyser moet 'n balans bewerkstellig tussen die toegeeflikheid aan die leerders en die belangrikheid van die skoolreëls. Uit Tomal (2001:41) se navorsing is dit duidelik, dat die diktatorstyle merendeels gebruik word hoewel die onderhandelaar, sterk daarop volg.

Grandmont (2003:97) beweer dat daar al meer en meer in 'n demokratiese samelewing gefunksioneer word, en dat publieke skole dit moet reflekteer. Die skrywer se stellings kom daarop neer dat juristiese dissipline leerders 'n taal van beleefdheid leer. Hiermee skep die onderwysers gemene gronde vir bespreking, mediasie en versoening. Die skrywer beweer verder dat dit leerders meer voorberei vir regte lewensituasies. Verder lei dit ook tot verminderde spanning tussen onderwyser en leerder. Quan-Baffour (2006:71) voer aan dat die beeld van 'n skool verbeter namate die leerders die gedragskode navolg en dat die kwaliteit van onderrig toeneem.

Die juristiese dissiplinestelsel is gegrond op ooreenkomste tussen leerders en onderwysers met die lands- en onderwyswette en -reëls as beginpunt. Die ooreenkomste is dan ook riglyne en kan onder meer die volgende insluit:

- Veilige en gesonde gedrag. Hierdie reël dek byvoorbeeld maniere waarvolgens daar in die klaskamers en gange beweeg word; veiligheid in die tegniese klasse; en gedragstandaarde op en af van die skoolgronde. Bechtol (2001:87) beweer dat skolesport gesonde gedrag bevorder.
- Respekteer eiendom. Hierdie kan die beskerming van persoonlike boeke en skoolboeke insluit; die voorskrifte vir rugsakke; beskerming van skoollessenaars; en skoolskoene.

- Respekteer die regte en behoeftes van ander. Aspekte binne hierdie reël beskryf die onderwyser se keuse van lesinhoud vir die volgende les; individuele en groepsaksie; die gebruik van welvoeglike taal; en skooldrag.
- Verantwoordelikheid vir leer. Die noodsaaklikheid daarvan om die regte handboeke klas toe te bring; betyds op te daag by klas; en om maksimale moeite gedurende die klas te doen.

Die voordele van hierdie tipe dissipline, volgens Grandmont (2003:108), is dat onderwysers nie meer polisieman speel nie. Leerders sien onderwysers nou as advokate en nie meer as diktators nie. Die feit laat toe dat onderwysers fokus op onderrig en dus meer sinvolle kennisoordrag. Leerders ondervind 'n geregverdigde omgewing en meer sekerheid oor wat van hulle verwag word in die skoolopset.

Grandmont (2003:110) beweer dat uit sy navorsing, die volgende sigbare veranderings in die skool bespeur is:

- Na 'n konfliktsituasie het die normale les veel vinniger hervat as waar die leerders eers probeer het om die situasie uit te buit.
- Juristiese dissipline verskaf aan onderwysers die vermoë om moeilike leerders makliker te hanteer en potensiële magstryde te voorkom voordat dit eskaleer.
- Personeel van die skole waarby hierdie proses geïmplementeer is, beweer dat die leerders meer volwasse optree en meer verantwoordelikheid neem vir hulle eie aksies. Leerders het 'n invloed daarop mekaar om by die reëls te hou.
- Die implementering het 'n uitwerking op die skoolomgewing, ook in dat nuwe leerlinge reeds van hierdie reëls bewus is en daarvolgens begin optree voordat hulle die skool betree.

Hoewel daar tog situasies opduik waar eskalاسie en ernstige probleme voorkom, dit aansienlik minder geword het na implementering van hierdie stelsel (Grandmont, 2003:112). Ten slotte beweer die skrywer dat hierdie gedragsverandering, weens implementering van hierdie stelsel, meer volwasse en verantwoordelike leerders die volwasse wêreld instuur.

2.4.6 Veiligheid

Veiligheid is vandag 'n belangrike aspek van 'n skool se beeld (Breed, 2008:49). Gemeenskappe soek skole waarin hulle kinders veilig is, en waar onderwysers onderrig kan gee sonder bedreigings.

Volgens Breed (2008:49) spreek die wet op beroepsgesondheid en veiligheid, asook die onderwysdepartement, die volgende aspekte aan:

- Veiligheidsmaatreëls op die hele terrein en in elke lokaal;
- Voorkoming van ongelukke;
- Aanspreeklikheid vir beserings wat deur leerders opgedoen is;
- Aansteeklike siektes;
- Noodhulp;
- Noodplan;
- Voorkoming van geweld; en
- Toegangsbeheer.

'n Skool moet dan volgens die riglyne sy eie veiligheidsplan saamstel, implementeer en monitor.

2.4.7 Godsdiens

Godsdiensvryheid het gedurende 1996 binne die Suid-Afrikaanse grondwet die lig gesien. Volgens Potgieter (2006:8) bestaan Suid-Afrika as 'n multikulturele nasie, saamgestel uit verskeie etniese en godsdienstige groepe. Godsdiensvryheid kan gesien word as die reg om geloofsoortuigings te kies en openlik te verklaar sonder vrees vir verandering of vervolging en die reg om dit te beoefen en te onderrig.

In artikel 4 van die Skolewet (No. 84 van 1996) maak die wet voorsiening vir vryheid van geloof en assosiasie binne die onderwysinrigtings in die land. Daar word ook voorsiening gemaak vir die daarstel van onderwysinrigtings op grond van gemeenskaplike taal, kultuur en geloof solank daar nie diskriminasie op grond van ras plaasvind nie.

Potgieter (2006:9) voer aan dat die ministerie dit wel ten doel het om enigheid in die land te bewerkstellig en daarom 'n beleid van parallelle programme voorsiening te maak vir individuele voorkeure. Dit het ook ten doel om godsdienstegeletterdheid oor verskillende godsdienste te bewerkstellig.

In artikel 15 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (Suid Afrika, 1996a) is godsdienstebeoefening in skole aanvaarbaar mits:

- godsdienstebeoefening geskied onder toesig van die beheerliggaam;
- dit op 'n gelyke basis geskied; en
- bywoning en deelname op 'n vrywillige basis geskied.

Volgens Potgieter (2006:23) beteken dit wel dat privaatskole kan diskrimineer op grond van geloof, maar nie ras nie. Deelname word steeds as vrywillig gesien. Daar is wel 'n paar beginsels hier ter sprake, naamlik:

- Grondwetlike kernwaardes moet ongeskonde bly;
- Openbare skole het 'n openbare verantwoordelikheid met betrekking tot godsdiensteonderrig;
- Onderwys in verband met godsdienste en godsdienstige verskeidenheid behoort In 'n akademiese leerprogram; en
- Onderrig behoort slegs deur professioneel opgeleide onderwysers gefasiliteer te word.

2.5 PRODUKLEWERING

2.5.1 Akademie

Die nodigheid van kwaliteitonderrig binne die wêreldkonteks het daartoe gelei dat skole baie eienskappe begin deel (Scherman, 2007:27). Hierdie eienskappe sluit ondermeer in die transformasie van onderwys weens die veranderende ekonomiese toestande, 'n baie groot fokus op akademie en standaarde, die nodigheid van betroubare metingsaanwysers en toerekenbaarheid.

Volgens Scherman (2007:29) toon navorsing dat wanneer kwaliteitonderrig deur betroubare moniteringsisteme nagevolg word, leerders beter leer en meer bewus is van

hul eie prestasie. Insette, prosesse en uitkomste van die moniteringsstelsiem moet gespesifiseer en verdedig word. Hierdie moniteringsstelsie behoort die volgende karakteristieke te bevat:

- Slegs bestuurbare eenhede van onderrig;
- Primêre doelwitte moet ondersteun word;
- Alle belanghebbendes moet in die onderhandeling ingesluit word;
- Moet 'n positiewe effek op gedrag hê; en
- Moet nie die eenheid wat gemonitor word steur nie.

Verskeie raamwerke kan deur die skool gebruik word om die kwaliteit te interpreteer. Voorbeelde hiervan is vergelyking met ander skole of met nasionaalbevestigde norms. Die doel is om skole dus die vermoë te gee om eksterne verwysings te gebruik om interne prestasie oor tyd na te speur en dus verbeteringsplanne betyds in plek te plaas.

Mogonediwa (2008:14) beweer dat akademiese prestasie baie afhanklik is van goeie departementshoofde. Onderwysers wat vakke deel, en dan suksel om met 'n gemeenskaplike vraestel te vore te kom, is 'n baie goeie voorbeeld van gebrek aan departementshoof se toesig, standaardisering en beleidsimplementering. Dit weer het 'n negatiewe invloed op leerders wat by hierdie verskillende onderwysers onderrig ontvang, wat dan die skool akademies benadeel. Nog 'n probleem wat hy identifiseer, is ondoelmatige tydsindeling. Onderrigtyd gaan verlore weens swak tydsroosters en oorweldigende administratiewe take.

2.5.2 Sport

Sport is seker een van die belangrikste aspekte van enige leerder se ontwikkeling. Bailey (2006:397) beweer dat fisieke opleiding leerders help om respek vir hulle eie liggame vir ander te ontwikkel. Verhoging van selfvertroue en kognitiewe ontwikkeling is, volgens hom, die belangrikste voordele. Ander voordele is die ontwikkeling van sosiale vaardighede weens die interaksie met ander leerders in 'n kompeterende verband of in 'n span en samewerkingsverband. Die skrywer se navorsing het die volgende feite uitgelig:

- Die enigste fisieke aktiwiteite wat baie leerders ondergaan, is dit wat hulle by die skool ontvang.
- Leerders behaal oor die algemeen beter punte weens sportdeelname (Bechtol, 2001:11).
- Fisieke aktiwiteite 'n bring aansienlike verhoging in die kwaliteit van hulle lewe. Gebrek aan sport gedurende die skoolfase, skep 'n verhoogte kans op kardiovaskulêre probleme gedurende die volwasse lewe (Beets & Pitetti, 2005:25). Hoewel daar ander fisieke probleme geïdentifiseer is, soos hoë bloeddruk en suikersiekte, was hartverwante siektes prominent.
- Kinders wat nie sport aktief is nie, word opsetlik uitgedruk uit sosiale interaksies.
- Aktiewe sportdeelname het 'n positiewe effek op 'n persoon se latere lewe.
- 'n Positiewe effek op die psigologiese gesondheid van die leerder, word ondervind.
- Skole wat sport aanbied, toon 'n beter aanwesigheid van leerders, aangesien dit die skool aantreklik maak (Bechtol, 2001:2).

Hoewel dit op die meeste leerders van toepassing is, voer Bailey (2006:399) aan dat daar tog 'n groep leerders is wat presteer en glad nie aan sport aktiwiteite deelneem nie.

Sport in hoërskole het ten doel om leerders sekere lewensvaardighede te leer (Bechtol, 2001:78). Die skrywer beweer verder dat skolesport opvoedkundige aktiwiteite is wat nie in 'n klaskamer gedupliseer kan word nie. Sport forseer die leerder om vaardighede soos vinnig dink en reageer onder druk en daarmee swakhede in hulle vaardighede aanspreek. Hierdie aksies berei hulle voor vir volwasse lewenssituasies.

'n Kritiese deel van sport is die kwaliteit van die afrigter. Aangesien die leerder 'n aansienlike tyd in die geselskap van die afrigter deurbring is dit noodsaaklik dat die afrigter van 'n hoë standaard is aangesien dit positiewe of negatiewe invloed op die leerders en dus die skool kan hê (Bechtol, 2001:7). Haar studie het verder gevind dat die invloed van afrigters reeds op skool, nog steeds 'n rol speel op die latere volwasse mens. Die deelname in sport vind sy, het ook 'n positiewe impak op toelating tot tersiêre inrigtings.

2.5.3 Leierskap

Lauritzen (2007:21) beweer, dat die meeste skole se visie en missie is om goed toegeruste en bekwame leerders en toekomstige leiers die wêreld in te stuur, maar dat daar bitter min leierskap opleiding plaasvind.

Stories van leiers is van die beste metodes om leierskap-onderrig te gee (Danzig, 1999:118). Hierdie denkrigting verleen homself tot die volgende drie doelwitte:

- Die aanbieding van stories en hulle temas wat leiers oor hulle self vertel;
- In-diepte ondersoek van sekere kern-faktore van hierdie stories; en
- Die siening dat leerders stories leer deur daarna te luister.

Sy bevindinge toon dat leierskap stories die volgende elemente bevat:

- Insluitende leierskap;
- Situasionele leierskap;
- Leiers as mentors;
- Dienende leiers;
- Visionêre leiers;
- Deelnemende leiers; en
- Morele leiers.

Volgens Danzig (1999:129) is hierdie ook die elemente wat leerders uitwys as leiers. Stories oor effektiewe leiers is nie noodwendig die enigste metode om leierskap-onderrig te gee nie, maar is een van die effektiefste.

Leshnower (2008:30) voer aan dat leiers met die volgende gedrag en gesindhede goed presteer:

- **Visie-skeppend;**
Die beste metode om visie skeppende vaardighede aan te leer is deur stories aangesien dit 'n kragtige manier is om verbeelding en emosie aan te gryp.
- **Kommunikasievaardig;**
Leiers moet besef dat goeie kommunikasie nodig is en moet oop kommunikasie-kanale bewerkstellig deur vrae te vra, te luister en in dialoog te tree. Nie-verbale kommunikasie moet ook goed na gelet word, aangesien dit die verbale kommunikasie moet ondersteun.

- **Leier-en-gevolg;**

Leiers moet weet wanneer om te lei en wanneer om te volg of te dien. Hierdie moet 'n instinktiewe gedragspatroon word van goeie leiers.

- **Kreatiewe denke; en**

Denke moet verbeeldingsryk, doelgerig, oorspronklik en waardevol wees. Hierdie is een van die belangrikste metodes waardeur leiers volgelinge in 'n rigting beweeg.

- **Vertroue en spanwerk.**

Leiers moet 'n klimaat van vertroue skep en moet besef dat enige leier net so goed soos sy span is. Spanwerk is dus 'n element waarop 'n leier moet fokus.

Leerders wat effektiewe leiers is, kan volgens Kretman (1996:67) die volgende toon:

- 'n Eie visie vir lang- en korttermyn doelwitte vir persoonlike groei daarstel;
- Hulle eie waardes duidelik definieer en bevestig;
- Kreatiewe en kritiese denkpatrone vir probleem-oplossing ontwikkel;
- Effektiewe kommunikasie vaardighede beoefen;
- Samewerking op verskeie vlakke leer en toon; en
- Effektiewe konflik hantering beoefen.

Volgens Kretman (1996:68) moet die leierskapopleiding die noodsaaklikheid van leierskap duidelik definieer, asook die kern van leierskapoordrag en rolle en waardes identifiseer. Kretman (1996:20) se navorsing toon dat hierdie tipe opleiding 'n positiewe verskil maak in die gedrag van leerders binne die skool en omgewing.

2.5.4 Byprodukte

Artikel 21 van die Skolewet (No. 84 van 1996) bepaal dat die beheerliggaam van 'n skool self die buitemuurse aktiwiteite wat 'n skool aanbied, kan bepaal. Daarvolgens kan aktiwiteite aangebied word soos wat die fasiliteite beskikbaar is of wat deur die skool addisioneel bekom word.

2.5.5 Tersiêre belyning

Volgens Van Schalkwyk (2009), is daar 'n ernstige gaping tussen die sekondêre en tersiêre onderrig. Hy spreek sy kommer uit oor die onvoorbereidheid van skoliere vir hul intrede tot 'n universiteitsvlak.

Daar kan weens die veranderende ekonomiese verwagtinge in vandag se ekonomie nie meer dieselfde verwantskappe tussen die akademie en beroepskeuse gemaak word nie (Cohen et al., 2006:1).

Tersiêre inrigtings in Suid-Afrika neig meer en meer na Engels as taalkeuse vir opvoeding (Pachagadu & De Beer, 2009:75). Een van die grootste uitdagings wat tersiêre inrigtings ondervind, is die gebrek aan Engels vaardigheid by nuwe studente. Indien die studente nie oor hierdie vaardighede beskik nie, is dit moeilik om die ideologieë wat bestudeer word, te verstaan.

Cosser en Du Toit (2002:2) beweer, dat daar is 'n positiewe korrelasie tussen graad 11 se punte en leerders se intensie om tersiêre onderrig te verkry. Cosser en Du Toit (2002:3) identifiseer verskeie redes waarom leerders na skool tersiêre onderrig wil ontvang naamlik:

- Verhoog kanse tot indiensneming;
- Intrinsieke belang by 'n studieveld;
- Tersiêre opleiding lei tot hoër vergoeding;
- Studiebeursaanbod;
- Familie moedig leerder aan;
- Finansiering van studies deur SETAs beskikbaar;
- Toegang tot banklening;
- Onderwysers moedig leerder aan;
- Intensie van klasmaats om verder te studeer;
- Onsekerheid oor beroep; en
- Emosionele redes soos vriend of vriendin wat verder gaan studeer.

Vakkeuses wanneer die leerder Graad 10 betree bepaal die mate waartoe 'n leerder verder kan studeer, en die bandwydte van studierigtings (Cosser & Du Toit, 2002:22).

Volgens Finkel (2007:7) is baie leerders die slagoffers van uitstekende akademiese prestasie maar wanneer hulle die tersiêre opleiding betree, hulle totaal wanbelyn is. Vyf jaar van voorbereiding is dan verkwis en die leerder is die lydende party. Volgens Finkel (2007:8) se bevindings is die aantal leerders wat remediërende onderwys nodig het in veral die wiskundige rigtings, aan die toeneem.

Cohen *et al.*, (2006:1) wys die belangrikheid uit van hoërskool en tersiêre vlakke van interaksie. Vir skole om te verbeter, het hulle inligting van tersiêre inrigtings nodig betreffende studente-prestasie. Verder word daarop gewys dat onderwysers hulle leerplanne sodanig kan aanpas by tersiêre lektore se eerstejaar kurrikulum, dat leerders sonder moeite die tersiêre onderrig kan betree.

2.5.6 Finansies en kostes

Die Suid-Afrikaanse skolewet plaas die verantwoordelikheid van 'n skool se finansiële bestuur in die hande van die skoolbeheerliggaam (No. 84 van 1996). Hiermee verplig hulle skole om duidelike en konkrete planne daar te stel om te verseker dat daar voldoende fondse beskikbaar is vir die beplande onderrig vir die volgende jaar. Die begroting moet dan aan 'n algemene ouervergadering voorgelê word vir goedkeuring. Hierdie opdragte sluit ondermeer die volgende in (Verbeek, 2006:3):

- Rekordhouding van alle finansiële transaksies;
- Deursigtige en verantwoordelike finansiële inligting;
- Duidelike skuldinvorderings metodiek; en
- Gedokumenteerde gevolge van slegte skuld en aksieplanne vir die afskryf daarvan.

Volgens Verbeek (2006:3) het die finansies van 'n skool 'n uiters belangrike impak op die funksionering van die skool, die kwaliteit van onderrig en die beeld van 'n skool.

Luidens die skolewet (No. 84 van 1996) word skole verplig om alle skoolfondse en bates van die skool aan te wend vir die doel van onderrig en of die verbetering daarvan.

In artikel 39 van die skolewet (No. 84 van 1996) kan die skoolfooie gehef word indien die meerderheid van ouers dit goedkeur met dies verstande dat behoeftige ouers

kondisionele vryskelding geniet. Die mate van die skoolfooie moet ook dan hiermee vasgestel word. Verder bepaal die wet dat ouers 'n wetlike verpligting het om hierdie fooie te betaal. Die ouers mag appelleer indien hul aansoek tot vryskelding afgekeur word. Die skoolbeheerliggaam het egter toegang tot die reg om die fooie te in.

Redes vir nie-betaling van skoolfooie is in vyf basiese kategorieë (Verbeek, 2006:135):

- **Ekonomiese redes;**
Werkloosheid word hier as die hoofrede beskou vir die gebrek aan skoolfooie.
- **Sosiale redes;**
Die hoofrede onder word gesien as gebroke huwelike met verdeeldheid oor ouerlike plig.
- **Politiese redes;**
Die redes wat hier aangevoer word, is dat opvoeding die staat se probleem is en daarom die fondse moet verskaf.
- **Geloofsredes; en**
Verskillende gelowe wil nie hulle kinders blootstel aan ander gelowe nie, en weens die tekort aan eie skole bied dan weerstand deur wanbetaling.
- **Skoolomgewing.**
Beskikbare skole is soms ver en word daarom 'n faktor in die wanbetaling.

Verbeek (2006:117) beweer in sy skripsie dat skole as besighede gesien moet word en dat dienooreenkomstige finansiële bestuur toegepas moet word. Uit sy navorsing kom dit na vore dat dit vandag noodsaaklik geword het vir die skoolhoof en lede van die skoolbeheerliggaam om 'n finansiële agtergrond te hê om sodoende die skoolfondse beter te bestuur. Die mate waarin hierdie lede en skoolhoof kennis het, sal bepaal hoever hulle vanaf die algemeen aanvaarde rekeningkundige standaarde afwyk, en potensiële probleme vir die skool veroorsaak.

Verbeek sê verder, dat weens die meer beperkte hulpbronne van die skool, goeie finansiële bestuur die kanse op foute aansienlik verminder. Die algemene siening is ook dat nie net die skoolhoof finansiële kennis moet besit nie, maar ook die skoolbeheerliggaam om sodoende die druk van die skoolhoof af te neem sodat hy of sy op onderrig kan fokus.

2.6 LEWERINGSMETODIEK

2.6.1 Skoolhoof

'n Skoolhoof se taak is om die prestasievlakke van 'n skool te verbeter deur menslike hulpbronbestuur toe te pas in sy of haar skool om die nodige take te laat geskied (Botha, 2004:239). Die belangrikste taak wat 'n skoolhoof het, is leierskap. Die skoolhoof is uiters noodsaaklik vir die skool se sukses. Volgens Botha (2004:239) se navorsing, wys dit dat skole waarvan die personeel presteer ook presteer, en dat die grootste rede vir skole wat suikkel die skoolhoof se onvermoë is om met mense te werk.

Volgens artikel 16 van die Skolewet (No. 84 van 1996c) is die bestuur van 'n openbare skool gesetel in die skoolhoof onder die gesag van die hoof van die Onderwysdepartement.

Breed (2008:2) beweer, dat die skoolhoof tradisioneel beskou word as 'n onderwyser met addisionele verantwoordelikhede. Daar word geen voorsiening gemaak vir enige formele opleiding vir skoolhoofde om die veranderende omstandighede te kan hanteer nie. Skoolhoofde van vandag moet meer as leiers oor verkeie terreine optree. Hierdie terreine sluit ondermeer in: onderrig; tegnologie; finansies en 'n positiewe kultuur.

Botha (2004:240) voer aan, dat die rol van die skoolhoof aansienlik verander het oor die laaste paar jaar, en dat die werkslading van die prinsipaal onhanteerbaar word. Bykomend tot die bestuursfunksies het dit ook die skoolhoof se funksie geword om 'n leier in leer te word. Wat hiermee bedoel word, is dat skoolhoofde die kontemporêre teorieë moet verstaan en 'n eie teorie van leer ontwikkel en die kennis daarvan noukeurig aanwend. Skoolhoofde moet in-diepte kennis hê van die volgende:

- Die individuele en saamgevoegde vordering van leerders;
- Omgewingskonteks en agtergrondkarakteristieke van leerders;
- Die verskillende leerstyle van leerder; en
- Verskillende bemiddelingsmetodes en die effekte daarvan op leerders.

Die rolverskuiwing van administratiewe leier na meer onderriggewende leier, beteken dat skoolhoofde moet let op die volgende funksies:

- Definiëring en kommunisering van 'n duidelike missie en doelwitte;
- Daarstel van effektiewe onderrigdoelwitte in samewerking met die personeel;
- Opdraggewing (Breed, 2008:2);
- Konflikbestuur;
- Onderwysbeleidsimplementering;
- Die bestuur van die leerplan en onderrig in 'n tyd-optimale wyse;
- Onderrigtoesig en ondersteuning aan personeel om doeltreffend te kan funksioneer;
- Monitering van leerprogramme en die evaluasie van leerdervordering en implementering van korrektiewe prosedures; en
- Promovering van 'n positiewe onderrig klimaat.

Volgens Breed (2008:6) is daar 10 effektiewe rolle wat 'n skoolhoof moet vertolk, naamlik die volgende:

- Amptelike hoof;
- Leier;
- Skakelpersoon / -beampte;
- Moniteerder;
- Inligtingverspreider;
- Spreekbuis;
- Entrepreneur;
- Storingshanteerder;
- Bronneverdelers; en
- Onderhandelaar.

Die skoolhoof het verantwoordelikhedsraakpunte wat konstant in gedagte gehou moet word in die uitvoering van sy pligte (Breed, 2008:10):

2.6.1.1 Samelewingsverband

Die skool maak deel uit van 'n groter gemeenskap wat in 'n sekere verhouding met die skool staan. Die skoolhoof is die grens en onderhou die verhoudings met die samelewing. Daar is 'n ernstige gevaar dat indien hierdie verhoudings geringgeskat word.

2.6.1.2 Statutêre raamwerk

Soos reeds bespreek in 2.2.3, is die skoolhoof die Onderwysdepartement se verteenwoordiger by die skool en moet daarvolgens beleid implementeer, asook menslikhulpbronbestuur toepas.

2.6.1.3 Organisasie

Die skool is 'n komplekse organisasie en die leierskapfunksie van die skoolhoof vereis meervoudige rigtinggewende interaksie oor uiteenlopende bestuurstelsels.

2.6.1.4 Bestuur

Bestuur vereis die dryf van die skool se doelwitte primêr, maar ook die effektiewe koördinering van almal se take by die skool en die beplanning wat daarmee gepaardgaan.

Bo en behalwe al die ander rolle en take wat 'n skoolhoof het, is bemarking van die skool en die skool se beeld van die uiterste belang weens die interskole kompetisie (Oplatka, 2007:218). Hierdie funksie lei tot interne en eksterne analyses om te bepaal wat die leerders en onderwysers se behoeftes en die van die gemeenskap. Promoverings-aktiwiteite moet dan volgens hierdie bevindings beplan en geïmplementeer word. Hierdie aktiwiteite sluit ondermeer in besoeke aan laerskole, ope dae en advertensies. Hoewel party skole 'n bemarkingsbestuurder het, bly dit primêr die skoolhoof se verantwoordelikheid. Oplatka (2007:219) se bevindings toon dat 'n goeie bemarkingstrategie die skoolhoof se loopbaan ook bevorder.

2.6.2 Leerkragte

Connors en Epstein (1994:8) beweer uit hulle navorsing, dat meer as 90% van onderwysers te kenne gegee het dat hulle onsekers is hoe om met families, ouers en kinders te kommunikeer ten opsigte van skoolbetrokkenheid en opleiding in die verband. Hulle het almal te kenne gegee, dat hulle besef daar is 'n leemte oor watter inligting ouers nodig het, maar nie weet wat of hoe om dit deur te gee nie.

Die kwaliteit van onderwysers is direk eweredig aan die kwaliteit van die onderrig in die klas. Volgens Quan-Baffour (2006:35) kan die kwaliteit van die onderwyser in direkte

verband gebring word met die kwalifikasies en getoetste kundigheid. Verder word redeneer Quan-Baffour dat die mate van vryheid en outoriteit wat aan die onderwysers toegeken word ook hiermee in verband gebring kan word. Die volgende kriteria kenmerk dan 'n hoë kwaliteit onderwyser:

- goed bekend met hul vakgebied;
- gebruik pedagogie wat gepas is vir die inhoud;
- gebruik gepaste taal van onderrig en het die taal bemeester;
- skep en onderhou 'n effektiewe leeromgewing;
- is noukeurig bewus van die belangstellings en behoeftes van hul leerders;
- pas hul leeromgewing aan na gelang van terugvoer van leerders;
- is eties korrek;
- besorg oor hul leerders; en
- het 'n passie vir onderwys.

Na aanleiding van 'n studie deur die Education Labour Relations Council (ELRC) (2005:76), neem die kwaliteit van onderrig af weens onderwysers wat onderrig gee in vakgebiede waarvoor hulle nie bekwaam is nie. Die studie toon dat daar meer onderwysers in die kunste, ekonomiese bestuurs- en kultuurvakke onderrig gee as waarvoor hulle bekwaam is. Die studie het egter getoon dat daar in die wiskundige en natuurwetenskappe geen noemenswaardige tekorte was nie. Die studie toon dat die dinamiese aanwending van hierdie personeel swak bestuur is.

Murray (1977:33) beweer dat onderwysers oor die algemeen oorwerk en onderbetaald is. Die onderwyser wat onder hierdie omstandighede nog steeds hoë kwaliteit onderrig verskaf is van eindelose waarde.

Watter faktore het dus 'n invloed op die onderwyser se werkstevredenheid. In die studie deur ELRC (2005:94) is die volgende kernprobleme geïdentifiseer wat werkstevredenheid beïnvloed (In volgorde van belangrikheid gerangskik.):

- Status en respek;
- Onvoldoende salarisse;
- Stres wat gepaard gaan met uitkoms gebaseerde onderwys;
- Stres wat met die kurrikulum, slaagsyfer en rapportering gepaard gaan;
- Hoë werkslading;

- Take buite posbeskrywing;
- Herontplooing;
- Beperkte kanse tot bevordering;
- Geen beroepsgeleenthede nie;
- Ongedissiplineerde leerders;
- Werksonsekerheid;
- Onredelike werksure; en
- Gebrek aan respek van leerders.

Uit die bostaande faktore kom erkenning en beroepsgeleenthede na vore. Volgens ELRC (2005:35) moet hierdie twee faktore gepromoveer word. Die dryf vanaf die Departement van Onderwys is volgens hulle om onderwysers aan te moedig om hulle vaardighede en kwalifikasies te verbeter veral in gebiede waar daar tekorte is. Dit is dan ook die departement se dryf om hierdie doelwitte op 'n aanpasbare en praktiese metode daar te stel om sodoende bestaande werksituasies in ag te neem. Die departement moedig dan ook skoolbeheerliggame aan om werksomstandighede te skep wat die onderwysers motiveer om verdere studies aan te pak (Departement van Onderwys, 2004:10).

Volgens die Minister van Onderwys, Naledi Pandor (Suid-Afrika, 2007:16), benodig onderwysers nie net inhoudskennis nie, maar ook pedagogiese kennis. Hierdie faktore asook hulle gewilligheid en bekwaamheid is nodig vir effektiewe onderrig. Sy sê verder dat dit absoluut noodsaaklik is vir onderwysers om nie net hulle kwalifikasies te verbeter nie, maar ook hul vakkennis. Deel van hierdie dryf is om die pedagogiese vaardighede te bekom om hindernisse te identifiseer en vandaar 'n omgewing te skep wat bevorderend tot die leerervaring is.

Die ELRC (2005:37) beweer dat daar bevorderings- en finansiële voordele vir onderwysers is wat hulself voortdurend verbeter, maar dat die wet nie baie duidelik is oor wat die spesifieke proses is nie, en dat hulle bekommernisse het oor die bevoegdheid van skoolbeheerliggame om sodanige voordele te implementeer. Verder beweer hulle dat die stelsel tans meer voordelig is vir voornemende en jong toetredes tot die onderwys as vir ouer en meer gevestigde onderwysers.

Die werkslading van onderwysers het die laaste paar jaar geweldig toegeneem, veral weens al die administratiewe take wat toegeneem het weens die veranderende

wetgewing (Suid-Afrika, 2007:18). Die ELRC (2005:40) rapporteer dat onderwysers sewe-uur skooldae het, en ongeveer 320 ure per jaar voorbereidingstyd. Hulle beveel aan dat administratiewe stelsels baie meer geoutomatiseer word en gestandaardiseer word om die administratiewe druk van onderwysers af te neem en hulle dus meer tyd te gee vir effektiewe onderrig.

2.6.3 Infrastruktuur

Geboue of infrastruktuur en die invloed daarvan op leerders se ervaring en prestasie is faktore wat oor die agterweë gelaat word. Volgens Al-Enezi (2002:26) het navorsers die volgende fisiese faktore in ag geneem met die ontwerp van 'n nuwe skool met betrekking tot leerderprestasie:

- Ouderdom;
- Kleur;
- Beligting;
- Werkstasie-posisionering;
- Klaskamer ontwerp;
- Privaatheid;
- Geraas; en
- Voorkoms of gebrek aan vensters.

Gevare in denkpattene wat Al-Enezi identifiseer, is dat aannames gemaak word dat nuwe skole tegnologieë voor is, of dat ouer skole in 'n swakker kondisie is as nuwer skole. Al-Enezi beweer verder dat alhoewel hierdie aannames bestaan, navorsing toon dat prestasie in skole in 'n beter kondisie, tog hoër was. Moulton (1998:9) se navorsing ondersteun hierdie feit in die lig van positiewe korrelasie wat bestaan tussen die leerder se prestasie en die kondisie van fasiliteite.

Skoolgeboue en -fasiliteite vereis meer instandhouding en dus geld soos wat hulle ouer word. Mouton (1998:9-11). verduidelik dat daar 'n konstante styging van onderhoudskostes is en dat skole later in 'n konstante fase van opvang verkeer.

Lane *et al.*, (2006:602) motiveer die belangrikheid van goeie fasiliteite deur te noem dat ouers wat verhuis, hul kinders na 'n skool toe wil stuur wat in 'n goeie kondisie is. Die algemene indruk wat die skool vir ouers en die publiek skep, verhoog leerder trots en prestasie. Die skrywers dui ook op die feit dat die skool se fasiliteite saam met die omgewing moet groei om voorsiening te maak vir van nuwe leerders en uitbreiding ten opsigte van parkering en verhoogde vervoer.

Verwaarloos van die fasiliteite van 'n skool lei tot disfunksie en swak gedrag by leerders (Branham, 2004:1123). Skole wat tydelike maatreëls toepas om instandhouding te doen, moet dit liever los aangesien leerders vinniger deur die skool beweeg as wat die normale herstelproses neem. Branham noem verder dat skole wat 'n swak toestand is of wat van tydelike strukture gebruik maak, meer geneig is om leerders te verloor. Indien die skool nie sy fasiliteite 'n prioriteit maak nie, kan hy verwag om swak prestasie by sy leerders te ervaar. Ten laaste noem hy dat die meet van 'n skool se kondisie baie moeilik is en dat die meting alewig deur menslike vooroordele beïnvloed word.

2.6.4 Tegnologie

Tegnologie, volgens Reitsma (2006:1), behels die proses waardeur kennis, vaardighede en nie-menslike hulpbronne gebruik word om menslike behoeftes aan te spreek. Die algemene beskouing, volgens haar, is dat tegnologie beskou word as rekenaars en verwante kommunikasie- en inligtingstegnologie. Sy voeg by dat dit egter meer as net fisiese voorwerpe behels en insluit kennis en prosesse.

Volgens Reitsma (2006:2) het dit van kardinale belang geword dat leerders tegnologieë geletterd raak om in 'n toenemende tegnologiese wêreld se eise te kan voldoen. Heymans (2007:40) voer aan, dat ons in 'n komplekse en diverse wêreld leef en dat vaardighede, kennis en hulpbronne vinnig verander weens versnelde ontwikkeling in tegnologie.

Die vlak van tegnologie in 'n skool moet verteenwoordigend wees met die deursnee tegnologie gebruike in die samelewing. Passey (2006:143) voer aan, dat die bestaande apparatuur en programmatuur verskeidenheid 'n wesenlike uitdaging is vir skole om

aan die leerders en personeel se behoeftes te voldoen. Hy beweer dat indien 'n skool sigbaarheid wil hê in die bestaande bedeling, dinamiese webtuistes wat deur die skool self onderhou word baie belangrik is.

Passey (2006:160) se navorsing toon dat inligting- en kommunikasietegnologie suksesvol gebruik word om begrippe oor te dra ten opsigte van aspekte wat onderwysers mee sukkel. Veral beeldtegnologie in kort sarsies is baie effektief sonder dat dit die leerder verveel of hulle aandag te veel aftrek. Passey voer verder aan, dat spesifieke uitkomstes eers geïdentifiseer moet word en die impak daarvan op kognitiewe en meta-kognitiewe aspekte ondersoek moet word voordat die verskillende vorms van tegnologie oorweeg word.

Konstruktiewe pedagogie word benodig indien tegnologie doelmatig aangewend kan word (Hill & Smith, 2005:22). Onderwysers moet op datum wees met die tegnologie beskikbaar, en moet teorie-ontwikkeling doen om hierdie toerusting deel te maak van hulle afleweringsmetodiek. Die studie voer aan, dat hoewel hoërskool leerlinge normaalweg as passiewe ontvangers van kennis gesien word, bemiddelende mening is dat tegnologie al meer en meer benodig word in toepaslike onderrig. Soos wat pen en papier toepaslik was, is tegnologie nou verwant en toepaslik.

Rekenaars en ander vorms van tegnologie, is besig om vinnig deel van die klaskamer te word. Navorsing deur Ho (2007:710) gedoen, toon die volgende:

- Tegnologie verhoog die motivering vir leer;
- Tegnologie in die klaskamer verryk leerders se kennis en vaardighede;
- Dit maak die lesse meer interessant; en
- Dit wek verdere leer buite die klaskamer.

Tegnologie binne die skool op 'n eerste wêreld vlak kom egter met tyd. Heymans (2007:42) som sy kommer soos volg op:

- Geen sillabus of duidelike riglyne van die departement nie;
- Swak opleiding van onderwysers;
- Onvoldoende fasiliteite;
- Te groot klasse;
- Te veel teorie en te min praktiese oefenings; en

- Skole verstaan nie werklik die omvang van tegnologie binne die skool nie en die impak daarvan op onderrig nie.

2.7 HOOFSTUKSAMEVATTING

Uit die literatuurstudie gedoen in hierdie hoofstuk, is dit duidelik dat 'n skool 'n ingewikkelde dinamiese wese is, en dat die beeld van hierdie wese nie eenvoudig vasgepen kan word nie.

Ouers is besig om 'n al groter-wordende rol in skole te speel namate die magte en regte deur die staat daargestel bekend word. Onderwysers sal die gesin in ag moet neem in hulle benadering tot meer effektiewe onderrig om individue te bereik.

Die funksionering van die skoolhoof, die onderwysers, die beheerliggaam en die Departement van Onderwys is baie geïntegreerd en vereis verkeie rolle en hoë vlakke van kommunikasie en beplanning. Daar het 'n ernstige verandering in verantwoordelikeidsvlakke plaasgevind vanaf die begin van onderwys na die huidige model C skole. Dit is ook duidelik dat die bestuursvaardighede van die skoolhoof baie belangrik is vir die skool se voortbestaan en funksionering.

'n Belangrike faktor wat na vore tree, is die kultuur binne 'n skool. Dit is 'n skool se dinamiese en abstrakte siel. Enige verandering of positiewe rigting wat 'n skool wil inneem moet eers met 'n verandering in die skoolkultuur gepaard gaan.

Die volgende hoofstuk bespreek die navorsingsmetodologie en hou die resultate van die empiriese ondersoek voor.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN RESULTATE

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie gedoen wat aangetoon het watter faktore 'n rol speel in die onderbou van 'n skool se beeld. Die doel van die empiriese ondersoek was om vas te stel in watter mate die skool aan hierdie beeldfaktore voldoen en om te bepaal waar verbetering aan die beeld aangebring kan word.

Hierdie studie was binne die konteks van die skool. 'n Vraelys is ontwikkel en as meetinstrument gebruik. Die vraelys is aan 200 leerders, 200 ouers en al die personeel en ouerbeheerliggaam lede gegee om te voltooi, en dus aan die vernaamste belangegroep.

Hierdie hoofstuk bespreek die metode soos volg:

- Dataversameling en analyses;
- Steekproef-seleksie;
- Meetinstrument-seleksie; en
- Meetinstrument-ontwerp.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

3.2.1 Statistiese tegnieke

3.2.1.1 Kaiser-Meyer-Olkin toets van steekproef

Field (2005:640) beweer dat aannames aangaande die grootte van 'n steekproef onwys is. 'n Kundige navorser meet genoeg veranderlikes om te verseker dat al die faktore gemeet word wat verwag word. Om te verseker dat genoegsame terugvoer verkry word, kan die KMO metode gebruik word.

Die KMO meeting van steekproefgeskiktheid is 'n indeks wat die grootheid van waargenome korrelasiekoeffisiënte vergelyk met gedeeltelike korrelasie koeffisiënte (Field, 2005:640). Groot KMO waardes toon dat faktor-analises van die veranderlikes 'n goeie idee is. Die waardes word in die volgende tabel aangetoon.

Tabel 3.1: KMO Waarde seleksie.

KMO Waarde	Graad van gemeenskaplike variansie
0.90 tot 1.00	Uitstekend
0.80 tot 0.89	Voortreflik
0.70 tot 0.79	Taamlik
0.60 tot 0.69	Middelmatig
0.50 tot 0.59	Swak
0.00 tot 0.49	Geen faktor-ontleding.

Bron: Field (2005:640)

Waardes naby aan nul, toon dat die som van gedeeltelike korrelasies groot is teenoor die som van korrelasies wat aandui dat die verspreiding in die patroon groot is. Faktor analises in so geval, word nie aanbeveel nie. 'n Waarde naby 1 dui aan dat patrone van korrelasie kompak is en dat betroubare faktore gevind kan word indien faktor-analises gedoen word.

3.2.1.2 Bartlett toets van bolvormigheid (Sphericity)

Hierdie toets word geassosieer met faktor-ontleding. Die toets ondersoek die hipotese dat veranderlikes geen korrelasie binne die populasie het nie. Dit beteken met ander woorde, dat elke veranderlike perfek met homself korreleer, ($r = 1$), maar het geen korrelasie met enige van die ander veranderlikes nie, ($r = 0$) (Tobias & Carlson, 1969:375-377).

Die toets bereken die determinant van die matriks van die som van produkte en kruis-produkte (S) waarvandaan die interkorrelasie-matriks afgelei word (Field, 2005:724). Die determinant (S) word dan in 'n gekwadreerde statistiese Chi-waarde verander en getoets vir beduidendheid. Die nul-hipotese is dat die oorsprong van die interkorrelasie-matriks uit 'n populasie kom waarin die veranderlikes nie reglynig is nie. Hierdie berekening word gedoen deur die gekwadreerde Chi-waarde, die grade van vryheid en

die waarskynlikheid te bereken. Hoe kleiner die waarskynlikheid, hoe groter die moontlikheid van interkorrelasie. Faktor-ontleding word dus aanbeveel.


3.2.1.3 Faktor-ontleding

Faktor-ontleding, volgens DeCoster (1998:1), is 'n versameling van metodes wat gebruik word om onderliggende invloede van 'n aantal veranderlikes te bepaal. Hierdie analise word gedoen deur die patrone van korrelasies tussen die gemete veranderlikes te ondersoek. Veranderlikes wat hoë korrelasies toon, word tipies deur dieselfde onderliggende faktore beïnvloed, terwyl die omgekeerde ook waar is in die dat lae korrelasies verskillende faktore impliseer. Korrelasies kan positief of negatief wees, maar die grootte dui op gemeenskaplike faktore al dan nie.

Byrne (2003:118) beweer dat daar 'n magdom statistiese pakkette beskikbaar is vir faktor-ontleding. Volgens hom staan die onderliggende faktore as latente veranderlikes bekend. Hierdie model kan in Figuur 3.1 waargeneem word.

DeCoster (1998:4) voer aan, dat faktor-analise dus die bepaling van die onderliggende faktore is. Verder is dit belangrik om die sterkte van hierdie gemeenskaplike of latente faktore te identifiseer.

Figuur 3.1: Faktor Analise Model



Bron: Byrne (2003:118)

Volgens DeCoster (1998:1) is daar basies twee tipes faktor-ontleding naamlik:

- **Ondersoekende faktor-ontleding.** (EFA) Hierdie metode probeer die onderliggende faktore identifiseer wat 'n stel resultate mag beïnvloed.
- **Bevestigende faktor-ontleding.** (CFA). Hierdie metode toets of onderliggende faktore 'n stel resultate in 'n voorspelbare wyse beïnvloed.

Die primêre doelwitte van EFA is die volgende:

- Die aantal gemeenskaplike latente faktore te bepaal; en
- Die sterkte van die verhouding tussen elke faktor en die geobserveerde meeting te bepaal.

Die volgende is die primêre doelwitte van CFA is:

- Bepaal die geldigheid van 'n enkelfaktor model;
- Vergelyk twee verskillende modelle om dieselfde data te verifieer;
- Toets die beduidendheid van spesifieke faktor-belading;
- Toets die verhouding tussen twee of meer faktorbeladings;
- Toets of faktore interkorrelasies bevat; en
- Toets die geldigheid van die meeting.

Byrne (2003:119) beweer dat deur iteratiewe modellering 'n struktuurlike vergelykingsmodel ontwikkel kan word om hierdie faktore aan te toon, asook die sterkte van hierdie faktore en dus hulle invloed.

'n Minimum faktorlading van 0.4 is vir hierdie studie geselekteer, aangesien hierdie 'n ondersoekende studie is.

Volgens Field (2005:735) kan faktore geïdentifiseer word deur middel van die Kaiser kriteria. Volgens hierdie metode word faktore met eigenwaardes groter as 1 geselekteer. Hierdie metode is slegs akkuraat indien die aantal veranderlikes minder as 30 is, en die gemeenskaplike ontrekkingswaarde groter as 0.7 is. Indien die steekproefgrootte meer as 250 is, moet die ontrekkingswaarde groter of gelyk aan 0.6 wees.

3.2.1.4 Cronbach Alpha Betroubaarheidskoeffisiënt

Betroubaarheid kan uitgedruk word in terme van stabiliteit, ekwivalensie en konsekwentheid (Yu, 2001:246-50). Betroubaarheid word in die algemeen deur die Cronbach Alpha koeffisiënt gemeet. Hierdie is 'n gewilde metode om die inligting op verskeie items van 'n vraelys se betroubaarheid te bevestig.

Daar is egter 'n paar probleme wat gereeld voorkom:

- Aannames van Cronbach Alpha word gereeld buite rekening gelaat en konsekwentheid word dus onder- of oorgeskat;
- Sekere navorsers glo dat Alpha gestandaardiseer moet word wat lei tot verwarring betreffende die korrelasie en kovariansiematrikse;

- Navorsers onttrek moeilike items weens eenvoudige statistieke sonder om die holistiese toets in ag te neem;
- Alpha toetse op loodsgroepe mag verskil van die werklike populasie toets; en
- Weens sekere navorsers se ontwikkeling van individuele geldigheidstoetse en die uitlating van Cronbach Alpha, kan verdere meta-analises nie gedoen word nie.

Volgens Yu hou die Cronbach Alpha toets sekere voordele in:

- Die toets kan vir beide binêre en grootskaalse data gebruik word; en
- Die toets kan gebruik word deur die data in twee te verdeel en dan die twee Alpha waardes te vergelyk. Daar moet egter versigtig te werk gegaan word met hierdie verdeling.

Cronbach se koëffisiënt Alpha is die meting van die gekwadreerde korrelasie tussen geobserveerde tellings en werklike tellings. Die betroubaarheid word gemeet as die verhouding tussen werklike variansie en geobserveerde variansie. Die verskil tussen die waardes is die metingsfout. Yu beweer dat die aanname is dat die betroubaarheidstoets die metingsfout moet minimaliseer. Die verhouding tussen die werklike telling en geobserveerde telling, moet egter sterk wees. Die aanname word ook gemaak dat die gemiddeld van die metingsfout nul moet wees. Die foute moet dus ewekansig wees en geen interkorrelasie bevat nie. Indien hierdie aannames nie bereik word nie, kan dit lei tot 'n oorskatting van Cronbach Alpha.

Cronbach se α kan gedefinieer word dus as:

$$\alpha = \frac{K}{K-1} \left(1 - \frac{\sum_{i=1}^K \sigma_{Y_i}^2}{\sigma_X^2} \right)$$

waar K die aantal komponente is (K-items), σ_X^2 die variansie van die geobserveerde totale toetsresultate, en $\sigma_{Y_i}^2$ die variansie van komponent i vir die bestaande steekproef is.

Field (2005:735) voer aan dat α waardes tussen 0.7 en 0.8 aanvaarbaar is. Waardes laer as dit, word gesien as onbetroubaar en dui dus op onaanvaarbare konstruktontwikkeling.

3.2.1.5 Konstruktgeldigheid

Konstruktgeldigheid verwys na die mate waarin gevolgtrekkings regmatig van observasies teenoor teoretiese konstrunkte gemaak kan word (Trochim, 2006). Konstruktgeldigheid verwys na die mate waarin die teoretiese idees in werklikheid realiseer. In praktiese terme verwys dit na die etikettering van 'n konstrukt as 'n akkurate etiket.

Volgens Trochim (2006) is die nadeel, dat alhoewel die konstrukt 'n indikasie gee, mag dit nie noodwendig die volledige indikasie weergee nie. Die studie wat gedoen word, is die konstrukt, terwyl die steekproef die operasionalisering is.

3.2.2 Dataversameling en analises

Daar is verskillende metodes wat gebruik kan word om navorsing te doen. Die verskeie metodes kan in twee kategorieë ingedeel word, naamlik kwalitatiewe navorsing en kwantitatiewe navorsing. Volgens Struwig en Stead (2004:86) kan kwantitatiewe navorsing verder verdeel word in twee groepe, naamlik:

- observasies; en
- stel van vrae.

Vir die doel van hierdie studie was dit noodsaaklik om die persepsies van leerders, ouers en onderwysers te bepaal. Hierdie persepsies kan bepaal word slegs deur vrae te vra, en nie deur observasies nie. Inligting wat deur vraestelle versamel word kan verder verdeel word soos volg (Struwig & Stead, 2004: 86-88):

- Persoonlike onderhoude;
- Telefoniese opnames; en
- Posopnames;

Die versameling van data en die analyses wat daarmee gepaard gaan omvat die volgende doelwitte:

- Faktore uit die literatuurstudie sal geïdentifiseer moet word;
- Faktore uit die empiriese studie sal geïdentifiseer moet word;
- Faktore te toets wat 'n invloed op die beeld van die skool mag hê;
- Prioriteite aan die verskillende faktore toe te ken; en
- Bestuursinsette te ontwikkel ten einde die beeld te verhoog.

3.2.3 Die Meetinstrument Seleksie

Seleksie van die mees toepaslike meetinstrument, is na aanleiding van die volgende vergelyking gedoen (Struwig & Stead, 2004: 86-88):

- **Persoonlike onderhoude.**

Hoewel persoonlike onderhoude baie dinamies is en die mees veelsydige van die drie metodes, is dit 'n baie koste-intensiewe metode. Verder neem hierdie metode aansienlike tyd om te doen indien die steekproef taamlik groot is. Laastens is onderhoude geneig om die ondervraer se persoonlike persepsies te bevat.

- **Telefoniese opnames.**

Hierdie is 'n vinniger metode as persoonlike onderhoude, en aansienlik goedkoper. Hierdie metode kan egter steeds neig om die ondervraer se persoonlike persepsies te bevat.

- **Pos-opnames of hardekopie-opnames.**

Hierdie metode is vinnig, goedkoop en kan gelyk aan 'n groot steekproef gegee word. Hierdie metode verwyder ook enige persoonlike persepsie en laat toe vir kliniese inligting. 'n Vereiste vir die instrumentseleksie, is anonimiteit om te verseker dat daar eerlike persepsies weergegee word.

Volgens hierdie vereiste is die pos of hardekopie-opname geselekteer as meetinstrument vir hierdie navorsing.

3.2.4 Populasie en steekproef

Die steekproef vir hierdie ondersoek is bepaal deur twee seuns- en twee dogter-leerders uit elke klas per graad te neem, en dan die spesifieke leerders se ouers om onderskeidelik 100 leerders en 100 ouers te selekteer en dus 'n ewekansige steekproef van die populasie te verkry soos aangedui in Tabel 3.2. Al die onderwysers het ook die vraelyste ontvang.

Tabel 3.2 Steekproef Seleksie:

	Klas 1			Klas 2			Klas 3			Klas 4			Klas 5			Tot
Graad	S	D	O	S	D	O	S	D	O	S	D	O	S	D	O	
Graad 8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	80
Graad 9	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	80
Graad 10	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	80
Graad 11	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	80
Graad 12	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	4	4	8	80
	20	20	40	20	20	40	20	20	40	20	20	40	20	20	40	400

- S = Seuns
- D = Dogters
- O = Ouers

Die rasionaal agter hierdie steekproefseleksie is, dat elke vlak in die skool hierdeur gedek word en eweredig versprei word tussen seuns en dogters. Elke vlak van leerders se persepsie word dus in ag geneem in hierdie steekproef.

Deur die onderwysers in die steekproef te betrek, word die interne persepsies van die skool ook in ag geneem om te verseker dat daar 'n holistiese persepsie van die skool se beeld verkry word.

3.2.5 Die Meetinstrumentontwerp

Die ontwerp en uitleg van die vraelys is soos volg:

- Die titel van die navorsingsonderwerp;
- Demografiese inligting benodig vir die studie; en

- Inligting rakende die doel en vertroulikheid van die vraelys, asook instruksies rakende die voltooiing van die vraelys.

Demografiese inligting bestaan primêr uit die respondente se ouderdom en geslag. Verder word die hoogste vlak van geletterdheid gemeet.

Die navorsingsonderwerp-gedeelte van die vraelys is opgedeel volgens die vier areas van ondersoek, soos bespreek in 2.2. Hierdie vier areas is soos in die literatuur geïdentifiseer: Omgewing, Skoolkultuur, Produk en Leweringsmetodiek (Sien Figuur 21).

Vrae 1 tot 8: Omgewing

- Vrae 1 tot 4 handel oor die funksie van die ouerbeheerliggaam en die uitvoering van hul take.
- Vrae 5 tot 7 handel oor die betrokkenheid van ouers by die skool.
- Vraag 8 handel oor die betrokkenheid van die Departement van Onderwys by die skool.

Vrae 9 tot 19: Skoolkultuur

- Vraag 9 handel oor die klimaat van die skool.
- Vraag 10 handel oor erkenning aan leerders vir prestasie in akademie, sport, kultuur en leierskap.
- Vraag 11 handel oor bemoediging van leerders om te presteer; nie net akademies nie, maar op alle vlakke insluitende sport, leierskap, selfvertroue en ander lewensvaardighede.
- Vraag 12 handel oor skooldrag en die beeld van die skool wat dit skep.
- Vrae 13 tot 15 handel oor die vlak van dissipline wat in die skool gehandhaaf word. Die mate waarin onderwysers ondersteuning aan leerders bied in terme van dissipline of afstanddoening word gemeet, asook die konsekwente toepassing van dissipline, tydelik, regverdig en met die straf wat die misdaad pas.
- Vrae 16 tot 18 ondersoek die mate waarop daar op skoolveiligheid gefokus word in die skool in terme van die Wet op Gesondheid en Veiligheid. Hiermee saam word ook verwys na ontruimingsplanne en die inoefening daarvan om met brand en ander dreigende gevare te handel. Toegangsbeheer wat by die skool

toegepas word om leerder en onderwyser veiligheid en sekuriteit te verseker, word ook ondersoek.

- Vraag 19 handel oor die mate waarin Godsdiens in die skool beoefen kan word.

Vrae 20 tot 26: Produk

- Vrae 20 en 21 handel oor die akademiese standarde van die skool. Die huidige tydsrooster van die skool word ondersoek en in watter mate dit die akademiese prestasie van die skool bevorder.
- Vrae 22 tot 24 ondersoek die mate waarin die skool leerders tot sport-betrokkenheid lok, die vlak van sportafrigting en die balans wat dit met die akademie van die skool handhaaf.
- Vraag 25 handel oor die mate waarin formele leierskap in die skool gekweek word.
- Vraag 26 ondersoek die mate waarin die skool se akademie tersiër bely is.

Vrae 27 tot 36: Leweringsmetodiek


- Vrae 27 tot 29 ondersoek die skoolhoof en die mate waarin hy of sy die skool lei binne die raamwerk van die departement, asook die mate waarin die hoof toeganklik is en die skool se beeld uitbou.
- Vrae 30 tot 32 fokus op die onderwysers in die skool en in hoe 'n mate hulle gemotiveerd is en bevoeg is om die leerders se skoolreis te fasiliteer.
- Vrae 33 tot 35 fokus op die infrastruktuur van die skool en hoe dit vertoon. Die skool se beeld word deur die voorkoms en funksionaliteit van die skool se infrastruktuur bevorder of verswak.
- Vraag 36 ondersoek die mate waarin die skool gemoderniseer is in terme van die tegnologie wat gebruik word om te assisteer met die opbou van leerders.

3.3 RESULTATE

3.3.1 Mate van terugvoer

Die vraestelle is volgens Tabel 3.1 in afdelings gegroeppeer om verspreiding na die klasse te vergemaklik. Hierdie vraestelle is oor 'n tydperk van twee dae deur die register-onderwysers aan die kinders versprei. Daar is ook terselfdertyd vraestelle aan al die personeel gegee. Die vraestelle is dan oor 'n tydperk van 2 weke versamel en na die sentrale administratiewe kantoor gebring. Altesaam 450 vraestelle is uitgegee waarvan 400 deur Tabel 3.1 gedefinieer is, en die ander 50 aan die personeel. Daar is slegs 350 (78%) vraestelle terugontvang, waarvan 5 bedorwe vraestelle was wat onvoldoende inligting bevat om binne hierdie studie te gebruik. Die volgende diagram dui die respondente- verspreiding aan.

Figuur 3.2: Respondente per geslag, ouer en leerder.



Die opsommende tabel van alle vraelyste uitgestuur, kan in Tabel 3.3 waargeneem word. Die verdelings is volgens graad en geslag gedoen.

Tabel 3.3: Opsomming van vraelyste terugontvang.

Vraelyste Ontvang			
	Vroulik	Manlik	Totaal
Graad 8	24	14	38
Graad 9	23	22	45
Graad 10	26	17	43
Graad 11	17	15	32
Graad 12	14	15	29
Ouers	116	42	158
Totaal	220	125	345

3.3.2 Basiese analise


Tydens die basiese analise is daar gebruik gemaak van beskrywende statistieke bereken deur die data in Microsoft Excel toe te voer en die ingeboude data-analise funksies te gebruik. Daar is ook gebruik gemaak van PHStat om die frekwensietabelle te bereken. Die data is teruggevoer volgens die vraelyste waar die verteenwoordiging van die vrae soos volg was:

- Stem sterk nie saam nie = 1;
- Stem nie saam nie = 2;
- Neutraal = 3;
- Stem saam = 4; en
- Stem sterk saam = 5.

Daar moet kennis geneem word dat met hierdie koderingsmetode, hoë waardes positiewe terugvoer aandui, terwyl laer waardes negatief is.


Die verhouding tussen manlike en vroulike respondente is ongeveer een-derde tot twee-derdes met die hoeveelheid vroulike respondente op 64% en die manlike respondente op 36%. Figuur 3.3 dui die verdeling aan.

Figuur 3.3: Respondente per geslag.




Die ouderdomverdeling van die respondente dui aan dat 'n bietjie meer as die helfte onder 20 jaar is, wat dan ook die skoliere aantoon. Die gemiddelde ouderdom van die ouers en onderwysers is 44 jaar met die jongste 24 jaar en die oudste 61 jaar.

Figuur 3.4: Respondente ouderdomsverdeling.




Volgens die vraestelontwerp handel die eerste agt vrae oor die omgewing waarin die skool funksioneer. Figuur 3.5 dui die gemiddelde terugvoer vir die omgewingsvrae aan.

Figuur 3.5: Gemiddelde terugvoer vir Omgewing.



Die gemiddeld vir hierdie agt vrae wissel van 3.06 tot 4.09. Die mees negatiewe terugvoer is dus neutraal, volgens Vraag 7, en die mees positiewe terugvoer is Vraag 4 met net meer as 'n 4.0 gemiddeld. Weens die resultate van die faktorontleding is Vraag 7 onttrek in die dat dit die model negatief beïnvloed. Daar is nie 'n sterk positiewe terugvoer in hierdie afdeling nie, weens die hoogste waarde wat net meer is 4.0 is.


Figuur 3.6: Gemiddelde terugvoer vir Skoolkultuur.



Die volgende 11 vrae handel oor die skoolkultuur. Die daaropvolgende analise toon dat die gemiddeld wissel van tussen twee en drie tot tussen vier en vyf. Die laagste gemiddeld is by Vraag 17 met 'n waarde van 2.63 terwyl die hoogste waarde 4.53 is by Vraag 19. Die standaardafwyking in hierdie gedeelte is egter hoog met 'n gemiddeld van 0.91.

Die produkleweringsgedeelte van die vraelys het sewe vrae bevat.


Figuur 3.7: Gemiddelde terugvoer vir Produklewering.



Die analise toon dat die hoogste gemiddeld by Vraag 20 voorkom, met 'n waarde van 4.3 is terwyl die laagste waarde by Vraag 22 voorkom, met 'n waarde van 3.44. Die gemiddelde van die hele eenheid is egter 3.67, baie naby aan die kleinste gemiddeld.

Die laaste aantal vrae handel oor die leweringsmetodiek van die skool. Die hoogste gemiddeld kom by Vraag 35 voor met 'n waarde van 4.37, terwyl die kleinste gemiddeld by Vraag 29 voorkom, met 'n waarde van 3.51.

Figuur 3.8: Gemiddelde terugvoer vir Leweringsmetodiek.



3.4 KWANTITATIEWE ONTLEDING

3.4.1 Geskiktheid

Die geskiktheid van die data is gedoen deur te bepaal of die steekproef geskik is, en of die data geskik is om te onderwerp aan multi-variante statistiese tegnieke soos byvoorbeeld 'n faktorontleding. Hiervoor is die steekproefgeskiktheidstoets deur KMO en Bartlett respektiewelik ingespan. Die KMO waardes word geïnterpreteer volgens Field (2005:640) in Tabel 3.1.

Bolvormigheid beteken dat die data ongekorreleer is. Faktor-analise aanvaar egter dat elke veranderlike in 'n stel veranderlikes met mekaar geassosieer is. Matig beduidende interkorrelasies tussen items word benodig om die latente struktuur van 'n stel veranderlikes te bepaal. Bartlett se statistiese analise toets, of die korrelasiematriks kan 'n identiteitsmatriks wees. Met ander woorde, dat die items nie ge-assosieer is nie. 'n Hoë gekwadreerde Chi-waarde met 'n lae p-waarde ($p < 0.01$) toon dat beduidende assosiasies tussen items bestaan, wat aandui dat die data aanvaarbaar is vir faktorontleding. (2005:640)

Die KMO waardes sowel as Bartlett se toets, verskyn in Tabele 3.4 tot 3.8

Omgewing:

Die KMO-waarde vir *Omgewing* is 0.799 wat grens aan “voortreflik”. Beide die KMO- en Bartlett-toetse word dus geslaag.

Tabel 3.4: KMO- en Bartlett-toets Omgewing.

KMO- & Bartlett-toets		
Kaiser-Meyer-Olkin Steekproef geskiktheid.		.799
Bartlett	≈Chi-Kwadraat	525.686
Bolvormigheid toets	Df	28
	Beduidendheid	.000

Deur faktor-analises is gevind dat stelling 7 die model negatief beïnvloed en nadat dit verwyder is, die KMO-waarde verbeter.

Tabel 3.5: KMO- en Bartlett-toets Omgewing (Gesuiwer).

KMO- & Bartlett-toets		
Kaiser-Meyer-Olkin Steekproef geskiktheid.		.802
Bartlett	≈Chi-Kwadraat	476.849
Bolvormigheid toets	Df	21
	Beduidendheid	.000

Skoolkultuur:

Die KMO-waarde vir *Skoolkultuur* is 0.896, wat “voortreflik” is. Beide die KMO- en Bartlett-toetse word dus geslaag.

Tabel 3.6: KMO- en Bartlett-toets Skoolkultuur.

KMO- & Bartlett-toets		
Kaiser-Meyer-Olkin Steekproef geskiktheid.		.896
Bartlett	≈Chi-Kwadraat	1811.296
Bolvormigheid toets	Df	55
	Beduidendheid	.000

Produklewering:

Die KMO-waarde vir *Produklewering* is 0.940, wat uitstekend is. Beide die KMO- en Bartlett-toetse word dus geslaag.

Tabel 3.7: KMO- en Bartlett-toets Produklewering.

KMO- & Bartlett-toets		
Kaiser-Meyer-Olkin Steekproef geskiktheid.		.940
Bartlett	≈Chi-Kwadraat	1904.977
Bolvormigheid toets	df	21
	Beduidendheid	.000

Leweringsmetodiek:

Die KMO waarde vir *Leweringsmetodiek* is 0.955 wat uitstekend is. Beide die KMO- en Bartlett-toets word dus geslaag.

Tabel 3.8: Opsomming van vraelyste terug ontvang.

KMO- & Bartlett-toets		
Kaiser-Meyer-Olkin Steekproef geskiktheid.		.955
Bartlett	≈Chi-Kwadraat	4872.288
Bolvormigheid toets	df	45
	Beduidendheid	.000

Al die pilare van die beeld-vraelys het die geskiktheidstoetse geslaag, wat aantoon dat die vraelys se steekproef genoegsaam was om geldige resultate te lewer en ook dat die data geskik is om voort te gaan met die faktorontledings as statistiese tegniek.

3.4.2 Geldigheid

Ten einde die geldigheid van die vraelys te bepaal, is elke groep vrae onderwerp aan 'n faktorontleding om te bepaal of al die stellings wel laai op die enkele konstruk of faktor. Faktor-analise word dus bevestigend aangewend. Die minimum faktorlading word as 0.40 geag, aangesien die studie ondersoekend van aard is.

Omgewing:

Vrae met betrekking tot die *Omgewing* laai almal op een faktor. Daar is egter een stelling wat swakker as die gestelde minimum faktorlading laai (0.393).

Tabel 3.9: Faktorontleding Omgewing.

Stelling	Faktorlading
V1	.690
V2	.661
V3	.637
V4	.685
V5	.523
V6	.581
V7	.393
V8	.626
Varsiansie verklaard	36.80%

Die faktor verklaar 'n varsiansie van 36%.

Ten einde die faktor te suiwer, word die ontleding herhaal, maar hierdie keer sonder stelling 7. Die resultate van die faktorontleding na die tweede ontleding word getoon in tabel 3.10.

Tabel 3.10: Faktorontleding Omgewing (Gesuiwer).

Stelling	Faktorlading
V1	.714
V2	.688
V3	.652
V4	.693
V5	.500
V6	.571
V8	.611
Varsiansie verklaard	40.54%

Die varsiansie-verklaring verhoog tot 40.54% indien stelling 7 uitgelaat word. Dit dui duidelik dat die stelling negatief ingewerk het en nie by die res van die stelling gegroepeer behoort te word nie. Voorts toon die KMO-ontleding ook 'n verbetering na 0.802 (vanaf 0.799). Betroubaarheid gemeet deur Cronbach Alpha verhoog ook vanaf 0.738 na 0.750 indien die stelling geëlimineer word. Dit is dus duidelik dat die faktor

beter daaruit sien en dat die stelling 'n beter meting verskaf van Omgewing as veranderlike nadat stelling 7 geëlimineer is.

Skoolkultuur:

Vrae met betrekking tot die *Skoolkultuur* laai almal op een faktor. Geen van die stellings is onder die 0.4 minimum waarde nie, en dus word geen stelling geëlimineer nie. Die KMO ontleding toon 'n waarde van 0.892 wat as uitstekend geklassifiseer word en 'n Cronbach Alpha van 0.895 wat ook baie goed is. Die faktor sien dus goed daaruit.

Tabel 3.11: Faktorontleding Skoolkultuur

Stelling	Faktorlading
V9	0.657
V10	0.643
V11	0.653
V12	0.625
V13	0.737
V14	0.798
V15	0.811
V16	0.768
V17	0.647
V18	0.697
V19	0.685
Variansie verklaard	49.7%

Die faktor verklaar 'n variansie van 49.7%.

Produklewering:

Vrae met betrekking tot die *Produklewering* laai almal op een faktor. Geen van die stellings is onder die 0.4 minimum waarde nie, en dus word geen stelling geëlimineer nie. Die KMO-ontleding toon 'n waarde van 0.940 wat as uitstekend geklassifiseer word en 'n Cronbach Alpha van 0.938, wat ook baie goed is. Die faktor sien dus goed daaruit.

Tabel 3.12: Faktorontleding Produklewering.

Stelling	Faktorlading
V20	0.855
V21	0.839
V22	0.830
V23	0.858
V24	0.865
V25	0.892
V26	0.862
Variansie verklaard	73.5%

Die faktor verklaar 'n variansie van 73.5%.

Leweringsmetodiek:

Vrae met betrekking tot die *Leweringsmetodiek* laai almal op een faktor. Geen van die stellings is onder die 0.4 minimum waarde nie, en dus word geen stelling geëlimineer nie. Die KMO-ontleding toon 'n waarde van 0.955 wat as uitstekend geklassifiseer word en 'n Cronbach Alpha van 0.976 wat ook baie goed is. Die faktor sien dus goed daaruit.

Tabel 3.13: Faktorontleding Leweringsmetodiek.

Stelling	Faktorlading
V27	0.895
V28	0.905
V29	0.885
V30	0.905
V31	0.920
V32	0.915
V33	0.891
V34	0.933
V35	0.943
V36	0.898
Variansie verklaard	82.7%

Die faktor verklaar 'n variansie van 82.7%.

3.4.3 Betroubaarheid

Die betroubaarheid van die verskillende faktore is gemeet deur die Cronbach Alpha koëffisiënte te bereken. Interpretasie van die betroubaarheidskoëffisiënt word soos volg gedoen (Field, 2005:668):

- Waardes laer as 0.70 is onaanvaarbaar;
- Waardes tussen 0.7 < 0.8 is aanvaarbaar; en
- Waardes van 0.8 en hoër is goed.

Die toets is op die vier pilare van die beeld gedoen en het die volgende resultate aangaande die betroubaarheid getoon:

Omgewing:

Die betroubaarheidskoëffisiënt is 0.738 (voordat die faktor gesuiwer is) en 0.750 daarna. Omgewing beskik dus oor 'n bevredigende betroubaarheidskoëffisiënt.

Tabel 3.14: Omgewing Cronbach Alpha.

Betroubaarheidstatistiek	
Cronbach Alpha	Aantal Items (Vrae)
.738	8
.750	7

Skoolkultuur:

Die betroubaarheidskoëffisiënt is 0.895. Skoolkultuur beskik dus oor 'n bevredigende betroubaarheidskoëffisiënt.

Tabel 3.15: Skoolkultuur Cronbach Alpha.

Betroubaarheidstatistiek	
Cronbach Alpha	Aantal Items (Vrae)
.895	10

Produklewering:

Die betroubaarheidskoëffisiënt is 0.938. Produklewering beskik dus oor 'n bevredigende betroubaarheidskoëffisiënt.

Tabel 3.16: Produklewering Cronbach Alpha.

Betroubaarheidstatistiek	
Cronbach Alpha	Aantal Items (Vrae)
.938	7

Leweringsmetodiek:

Die betroubaarheidskoëffisiënt is 0.967. Leweringsmetodiek beskik dus oor 'n bevredigende betroubaarheidskoëffisiënt.

Tabel 3.17: Leweringsmetodiek Cronbach Alpha.

Betroubaarheidstatistiek	
Cronbach Alpha	Aantal Items (Vrae)
.976	10

Uit 'n betroubaarheidsoogpunt het al die afdelings van die vraelys die Cronbach Alpha-koëffisiënte wat die betroubaarheid van die vraelys dus verseker.

3.4.4 Vraag-analises

Die evaluasie van 5-punt skaal vraelyste kan vergemaklik word deur die waardes te indekseer (Bisschoff & Hough, 1995:10). Dit word gedoen deur die gemiddeldes met vyf te verdeel. Evaluasie word dan volgens die indeks aksietabel, Tabel 3.18, toegepas.

Tabel 3.18: Indeks aksietabel.

Waardes	Aksie
Onder 0.60	Kritieke area (wat onmiddellike aandag vereis)
0.6-0.75	Ontwikkelingsarea (Bou)
Bo 0.75	Uitmuntende (instandhouding) (Behou)

Bron: Bisschoff & Hough (1995:10)

Omgewing:

Die vrae rakende die *Omgewing* het uit agt stellings bestaan. Die terugvoer is in die volgende tabel saamgevat met die standaardafwyking en die indeks waarde verwerk vanuit die rekenkundige gemiddeld. Die **uitmuntende areas** word in **vetdruk** aangetoon, terwyl die *kritiese area* deur *skuinsdruk* uitgelig word.

Tabel 3.19: Omgewing Vraelys terugvoer.

Omgewing			
No.	Vraag	Std. Afw.	Indeks
1	Daar is 'n duidelike en sigbare visie en missie vir die skool.	0.8350	0.7809
2	Daar vind noukeurige kurrikulummonitering plaas.	0.8232	0.7739
3	Daar vind noukeurige onderwyserkeuring plaas.	0.9307	0.7270
4	Daar word duidelike finansiële bestuur toegepas.	0.8371	0.8186
5	Ouers is betrokke by die skool.	0.8516	0.7235
6	Ouers is bewus van die korrekte kanale om betrokke te wees.	0.8629	0.6968
7	Ouers weet hoe om kinders te help met huiswerk.	1.1383	0.6122
8	Die Departement het 'n duidelike betrokkenheid by die skool.	0.9727	0.6904

Vanuit Tabel 3.19 is dit duidelik dat daar geen kritiese areas is wat betrekking het op die *Omgewing* as veranderlike van die skool se beeld nie. Die volgende is dan ook duidelik:

- Areas van ontwikkeling:
 - o Vraag 3: Onderwyserkeuring
 - o Vraag 5: Ouerbetrokkenheid
 - o Vraag 6: Ouerbetrokkenheidskanale
 - o Vraag 7: Ouerhulp met huiswerk
 - o Vraag 8: Departementele betrokkenheid

Die res van die vrae toon uitmuntende areas wat slegs gemoniteer moet word vir moontlike instandhouding.

Skoolkultuur:

Die vrae rakende die *Skoolkultuur* het uit tien stellings bestaan. Die terugvoer is in die volgende tabel saamgevat, met die standaardafwyking en die indeks waarde verwerk vanuit die rekenkundige gemiddeld. Die **uitmuntende areas** word in **vetdruk** aangetoon, terwyl die *kritiese area* deur *skuinsdruk* uitgelig word.

Tabel 3.20: Skoolkultuur Vraelys terugvoer.

Skoolkultuur			
No.	Vraag	Std. Afw.	Indeks
9	Daar is 'n positiewe klimaat in die skool.	0.9305	0.7554
10	Daar word erkenning gegee vir prestasies.	0.7713	0.8667
11	Leerders word deurgaans bemoedig om te presteer.	0.9416	0.7994
12	Die skooldrag bevorder die skool se beeld.	0.7475	0.8626
13	Graad van dissiplinetoepassing is hoog.	0.9632	0.7287
14	Graad van onderwyser ondersteuning in dissipline is hoog.	0.9124	0.7148
15	Dissipline word konsekwent toegepas.	0.9465	0.6974
17	Die skool het 'n ontruimingsplan in gebruik.	1.1667	0.5264
18	Streng toegangsbeheer geld.	1.0194	0.7096
19	Godsdien word vrylik in die skool beoefen.	0.6987	0.9061

Vanuit Tabel 3.20 is dit duidelik dat daar geen kritiese areas is wat betrekking het op die *Skoolkultuur* as veranderlike van die skool se beeld nie. Die volgende is ook duidelik:

- Areas van ontwikkeling:
 - o Vrae 13-15: Dissipline
 - o Vraag 18: Toegangsbeheer
- Kritieke areas (Onmiddellike aandag):
 - o Vraag 17: Ontruimingsplan

Die ander vrae dui op uitmuntendheid met Vraag 19 wat duidelik uitstaan.

Produklewering:

Die volgende stel vrae het die produkte van die skool ondersoek.

Tabel 3.21: Produklewering Vraelys terugvoer.

Produklewering			
No.	Vraag	Std. Afw.	Indeks
20	Akademiese standarde is hoog.	0.6968	0.8609
21	Die bestaande tydsrooster bevorder akademie.	0.8976	0.7739
22	Die meerderheid leerders neem aan sport deel.	0.8779	0.6887
23	Die kwaliteit van sportafrigting is hoog.	0.8816	0.7617
24	Daar is balanse tussen sport en akademie.	1.0647	0.6945
25	Leerderleierskap word formeel gekweek.	0.9614	0.6939
26	Daar word nouliks met die universiteite saamgewerk.	0.9055	0.7043

Vanuit Tabel 3.21 is dit duidelik dat daar geen kritiese areas is wat betrekking het op die *Produklewering* as veranderlike van die skool se beeld nie. Voorts is die volgende ook duidelik:

- Areas van ontwikkeling:
 - o Vraag 22: Sportdeelname
Hiermee word bedoel dat die aantal leerders wat aan sport deelneem nie so hoog is as die skool se doelwit nie.
 - o Vraag 24: Sport/akademiebalans
Die persepsie is dat daar onvoldoende balans tussen sport en akademie is. Hierdie word versterk deur verbatim terugvoer uit die vraelyste.
 - o Vraag 25: Leierskapkweking
 - o Vraag 26: Tersiere belyning

Uit die uitmuntende telling vrae, staan die akademiese standaardtelling duidelik uit en die standaardafwyking vir hierdie telling is ook laag, wat die telling bevestig.

Leweringsmetodiek:

Die volgende stel vrae het die Leweringsmetodiek van die skool ondersoek.

Tabel 3.22: Leweringsmetodiek Vraelys terugvoer.

Leweringsmetodiek			
No.	Vraag	Std. Afw.	Indeks
27	Die skoolhoof bemark die skool.	0.9670	0.7351
28	Die skoolhoof gee leiding aan die skool.	0.9718	0.7884
29	Die skoolhoof het 'n "oop-deur" beginsel.	1.0866	0.7026
30	Onderwysers is vertrouwd met hul vakgebied.	0.9596	0.7623
31	Onderwysers ontvang verdere opleiding.	0.8455	0.7165
32	Onderwysers is gemotiveerd.	0.9635	0.7101
33	Die skoolterrein is netjies.	0.8437	0.7884
34	Die skoolinfrastruktuur is funksioneel.	0.7906	0.8006
35	Die skool as geheel vertoon goed.	0.6487	0.8748
36	Die tegnologie in die skool is modern.	0.9798	0.7664

Vanuit Tabel 3.22 is dit duidelik dat daar geen kritiese areas is wat betrekking het op die *Leweringsmetodiek* as veranderlike van die skool se beeld nie. Voorts is die volgende faktore duidelik:


- Areas van ontwikkeling:
 - o Vraag 27: Bemarking van die skool
 - o Vraag 29: Oop-deur beginsel
 - o Vraag 31: Onderwyseropleiding
 - o Vraag 32: Onderwysergemotiveerdheid

Die balans van die vrae is uitmuntend met twee van die vrae wat aan die grens van instandhouding lê. Vraag 30 rakende onderwyservakgebied vertrouwdheid en vraag 36 rakende moderne tegnologie, moet gemoniteer word.

3.4.5 Struktuur Vergelykingsmodellering


In Figuur 3.9 word die vier pilare wat die beeld van 'n skool beïnvloed, met elk se standaard-regressie gewig, sowel as die berekende invloed, aangetoon. Indien die leweringsmetodiek geneem word as voorbeeld kan gesien word dat dit die beeld beïnvloed met 'n standaard-regressiegewig van 0.85. Die ander pilare kan op dieselfde wyse geïnterpreteer word.

Figuur 3.9: Struktuur-vergelykingsmodel.



Invloede word in orde van belangrikheid gerangskik. So kan ons sien dat die leweringsmetodiek die belangrikste is, met die produk in die laaste plek. Die figuur dui die invloed in persentasies aan.

Figuur 3.10: Regressie-gewigte per item.



Tabel 3.23: Regressie-gewigte per item.

Faktor	Konstruk	Berekend
Skoolkultuur	← Beeld	0.823
Omgewing	← Beeld	0.786
Leweringsmetodiek	← Beeld	0.844
Produklewering	← Beeld	0.847

Bo en behalwe die impak wat die regressie-gewigte op die beeld van die skool het, is die faktore nie geïsoleer van mekaar nie. Die verskillende faktore of pilare van die beeld het ook interkorrelasies met mekaar. Die interkorrelasies word in tabel 3.24 getoon. Volgens die model kan die *Skoolkultuur* 'n 0.664 impak op *Omgewing* hê.

Tabel 3.24: Interkorrelasies tussen items.

		Skool-kultuur	Omgewing	Produk-lewering	Lewerings-metodiek
Skool-kultuur	Pearson Korrelasie	1	.664**	.706**	.669**
	Sig. (2-tailed)		0	0	0
	N	345	345	345	345
Omgewing	Pearson Korrelasie	.664**	1	.635**	.675**
	Sig. (2-tailed)	0		0	0
	N	345	345	345	345
Produk-lewering	Pearson Korrelasie	.706**	.635**	1	.724**
	Sig. (2-tailed)	0	0		0
	N	345	345	345	345
Lewerings-metodiek	Pearson Korrelasie	.669**	.675**	.724**	1
	Sig. (2-tailed)	0	0	0	
	N	345	345	345	345

Die interkorrelasies tussen dieselfde faktor kan as 1 gesien word. Ander korrelasies kan uit die tabel soortgelyk geïnterpreteer word.

Pasbaarheid van model

Daar is verskeie pasbaarheidsindekse beskikbaar om die Struktuur-vergelykingsmodel te toets (Garson, 2009). Pasbaarheid verwys na die vermoë van die model om die data te reproduseer. Garson beweer verder dat modelle wat goeie pasbaarheid het, nie noodwendig geldige modelle is nie.

Beide genormaliseerde en nie-genormaliseerde pasbaarheidsindekse word gereeld gebruik om die pasbaarheid van die struktuur-vergelykingsmodel te toets (Garson, 2009). Die nadeel van hierdie indekse, is die feit dat hulle deur die populasieveranderlikes van die studie beïnvloed word. Weens hierdie rede, word twee koëffisiënte aanbeveel.

- Vergelykende pasbaarheidsindeks (*Comparative Fit Index* - CFI) vir genormaliseerde indekse; en
- Pasbaarheidsindeks (*Fit Index* - FI) vir nie-genormaliseerde indekse.

Hierdie studie maak gebruik van die CFI as metingsindeks, terwyl daar ook van ander passingsmaatstawwe gebruik gemaak word soos die RMSEA en *Hoelter-indeks* om uitslag oor die passing van die model te verskaf.

Die CFI, volgens Garson (2009), vermy onderskatting van die pasbaarheid in klein steekproewe, maar werk goed op alle steekproefgroottes. Die interpretasie van die indeks waarde is, volgens Garson, dat 'n waarde van bokant 0.9 as 'n baie goeie pas beskou word.

Die ontwikkelde model (Tabel 3.25) het 'n CFI waarde 0.993 verskaf wat 'n uitstekende pasbaarheid aandui.

Tabel 3.25: Vergelykende pasbaarheidsindeks (CFI).

Model	NFI Delta1	RFI rho1	IFI Delta2	TLI rho2	CFI
Basiese model	.991	.953	.993	.965	.993
Versadigde model	1.000		1.000		1.000
Onafhanklike model	.000	.000	.000	.000	.000

Die wortel gemiddelde gekwadreerde fout van benadering RMSEA is nog 'n modelpassingsmaatstaf wat algemeen gebruik word. Vir hierdie model is die RMSEA waarde 0.089 wat 'n swakker pasbaarheid as die CFI aandui. RMSEA waardes laer as 0.05 is ideaal, terwyl waardes groter as 0.1 as baie swak geag word. Die model toon 'n RMSEA waarde van 0.089, wat die ideale grens van 0.05 marginaal oorskry, maar heelwat laer is as die onaanvaarbare grens van 0.1.

Tabel 3.26: RMSEA.

Model	RMSEA	LO 90	HI 90	PCLOSE
Basiese model	.089	.028	.160	.125
Onafhanklike model	.475	.448	.503	.000

'n Verdere pasbaarheidstoets is gedoen deur die *Hoelter-Indeks* om te bepaal of die kritiese steekproefgrootte (N) voldoende is. 'n *Hoelter-Indeks* waarde onder 75 word as onaanvaarbaar laag beskou (Garson, 2009). Die indeks verskaf twee stellingwaardes teen p-waardes op 0.01 en 0.05 beduidendheidsvlakke. Die beeldmodel het 'n waarde

van meer as 75 vir beide die indekswaardes wat beduidende ondersteuning aan die model se aanvaarbaarheid bied.

Tabel 3.27: *Hoelter Indeks.*

Model	HOELTER .05	HOELTER .01
Basiese model	280	430
Onafhanklike model	9	11

Betreffende die passing van die model kan daar dus saamgevat word, dat die model 'n goeie passing het op die CFI en ook die *Hoelter-Indeks*, terwyl die passing wat betref die RMSEA bevredigend is op die $p=0.01$ beduidenheidsspeil. Gegewe die feit dat die model eksploratief is, word die passing as bevredigend geag (Du Plessis, 2010).

3.5 ADDISIONELE KOMMENTAAR UIT DIE VRAELYSTE

Die vraelyste het die respondente toegelaat om addisionele kommentaar by te voeg. Hierdie kommentaar is gekategoriseer in positiewe en negatiewe terugvoer ten opsigte van die skool se beeld. Die positiewe terugvoer is heelwat minder as die negatiewe terugvoer. Terugvoer is ook in volgorde van fokus van belangrikheid van groot na klein.

Positiewe terugvoer:

- *Holistiese skoolbeeld:*
Daar is beduidende terugvoer dat dit die skool van keuse is. Hierdie terugvoer is meer as enige ander positiewe of negatiewe terugvoer!
- *Akademie:*
Die vlak van akademie in die skool word as hoog beskou.
- *Sport:*
Daar is terugvoer dat die sport in die skool goed is.
- *Allerlei:*
Punte wat as positief gesien is maar nie beduidend gelys kan word nie, was godsdiensgeleentheid, die kafeteria, en die onderhoof se bekwaamheid.

Negatiewe terugvoer:

- *Vakbekwaamheid*

Vakbekwaamheid van onderwysers en onderwyseresse in veral die laer grade is die grootste fokus van negatiewe terugvoer. Daar is 'n groot bekommernis dat onderwysers nie bekwaam genoeg is nie, en ook nie aangewend word vir die vakke waarvoor hulle wel bekwaam is nie. Vakke onder bespreking, was Tegnologie, Wiskunde en die Wetenskappe. Gekoppel aan hierdie is bekommernisse oor addisionele klasse en handboeke wat nodig is om die leerders bevoeg te kry.

- *Dissipline:*

Die tweede-grootste punt van kommer is dissipline. Dissipline word nie eenvormig en regverdig toegepas nie. Daar word beweer dat straf nie toegepas word nie, en dat van die onderwysers nie beheer oor hul klasse kan uitoefen nie. Verder is daar aansienlike klagtes oor rook, veral in die kleedkamers.

- *Personeelgesindheid en -toeganklikheid:*

Klagtes oor toeganklikheid asook gesindheid, is geopper in die terugvoer. Beide ouers en leerders voel dat personeel se gesindhede wisselvallig en selektief toegepas word. Hierdie gesindhede maak dit moeilik vir leerders om die personeel te nader vir hulp. Ouers voel dat hulle geïgnoreer word en onvriendelik behandel word. Verder is die gevoel dat "oop-deur" beginsels nie toegepas word nie.

- *Kultuur:*

Verskeie klagtes is oor die gebrek aan balans tussen sport, akademie en kultuur geopper. Hierdie klagtes wissel van onvoldoende erkenning vir eksamens wat moeiliker is as kunswedstryde, gebrek aan aandag en hulpbronne, en beperkte deelname.

- *Sport/Akademiese balans:*

Daar is beduidende kommentaar dat daar veel meer aandag aan sport gegee word as aan die akademie, en dat daar klasontwrigting plaasvind weens sport-organisasie. Verdere klagtes is dat die fokus op A-spanne is van sportsoorte en dat die res wat meer leerders insluit, afgeskeep word ten opsigte van afrigting en blootstelling. Saam met hierdie punt is die tekort aan hulpmiddels en fondse vir hierdie spanne. Daar is ouers wat onder wanindrukke verkeer rakende die kostes van sportafrigting.

- *Sportafrigters:*
Klagtes oor die sportafrigters wissel van onbekwaamheid tot onaanvaarbare gesindhede. Daar is ook 'n bekommernis oor die afrigting van velditems.
- *Skooldrag:*
Die terugvoer rakende skooldrag het hoofsaaklik van die vroulike leerders af gekom. Die gevoel is dat die meisies se kleredrag dieselfde as die van die graad-12 leerders moet wees, aangesien dit gemakliker is om te dra en dan meer eenvormig lyk. Die beskikbaarheid van sportdrag is ook aangeraak.
- *Verteenwoordigende Leerlingraad (VLR):*
Klagtes rakende die VLR handel oor die verkiesing van die raad. Daar is ontevredenheid dat laer grade VLR lede het wat meer senior en bekwame leerders die geleentheid ontnem. Die gevoel is dat die prestige van die VLR verlore is.
- *Tegnologie:*
Klagtes oor die werking van truprojektors en beskikbaarheid van meer moderne tegnologie is deurgegee.
- *Busvervoer:*
Daar is enkele klagtes oor die beskikbaarheid van busvervoer vir veral sportbyeenkomste en dan wisselvallige vervoer na en van die skool daaglik.
- *Algemene klagtes:*
Algemene klagtes wissel van 'n tekort aan terreinsitplekke, geen ontruimingsplanne, gebrek aan beurse, tersiêre blootstelling, skooltas wat nie eenvormig is nie, gebrek aan ondersteunershemde en Vrydagmiddagtoetse.

Hoewel daar heelwat meer negatiewe terugvoer is, is daar baie meer respondente wat geen kommentaar bygevoeg het nie, maar tog positiewe reaksies in die beantwoording van die vraelys getoon het.

3.6 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die navorsingsmetodologie en die resultate van die navorsing.

Tydens die fokus op die metodologie, is die meetinstrumentseleksie gedoen en op 'n vraelys besluit weens die doel van die studie en die tyd en koste wat meer kwalitatiewe studies tot gevolg sou hê, asook die moontlike bevooroordeeldheid van die navorser.

Die ontwerp van die vraelys is gedoen na aanleiding van die literatuurstudie wat in Hoofstuk 2 van hierdie manuskrip gedoen is. Die vrae het die aspekte gedek wat daar deur die model aangetoon is.

Nadat die data se resultate ontvang is, is daar van verskeie statistiese tegnieke gebruik gemaak om te bepaal wat die betroubaarheid van die vraestel is, en geskiktheid van die vrae om die beeld van 'n skool te meet, asook die geldigheid van elke vraag. Verder is 'n model ontwikkel om te bepaal wat die bydrae van elke pilaar van die vraelys is ten opsigte van die beeld, asook wat die korrelasie tussen die verskillende pilare is. Verskeie toetse insluitend die Cronbach Alpha betroubaarheidstoets, die KMO steekproef-grootte geskiktheidstoets, Bartlett se bolvormigheidstoets en verskeie faktorontledings is gedoen om die geldigheid van die data en metingsinstrument te bevestig. Die model het die toetse geslaag.

Die verskillende areas deur die literatuurstudie is gemeet en teen 'n indeks geklassifiseer om die evaluering te vergemaklik. Hierdie klassifisering sal in Hoofstuk 4 onder 'gevolgtrekkings en aanbevelings' bespreek word. Demografiese inligting is ook onttrek, asook die verspreiding van response op die verskillende vrae.

Ten laaste is die verbatim kommentaar wat verkry is, geklassifiseer en in negatiewe en positiewe komponente verdeel. Die volgende hoofstuk is die finale hoofstuk van die studie. Gevolgtrekkings en finale aanbevelings word in die hoofstuk gemaak.

HOOFSTUK 4

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die insigte uit die literatuurstudie kom, asook die navorsing wat in die vorige hoofstuk gedoen is, bymekaargevoeg om tot konstruktiewe gevolgtrekkings en aanbevelings rakende die beeld van Transvalia te kom.

Die doel van die studie was om te bepaal water faktore die beeld van 'n skool beïnvloed en wat die huidige posisionering van die skool is. In terme van die vier pilare waarop die beeld van 'n instansie of dan die skool rus, is daar 'n model ontwikkel en getoets om hierdie probleme wat in hoofstuk 1 gestel is, aan te spreek. Tydens die probleemstelling is dit duidelike gemaak dat die beeldpersepsie gebaseer is en van faktore in *omgewing*, *skoolkultuur*, *produktelewing* en *leweringsmetodiek* afhanklik is. Vrae wat na vore kom is die volgende:

- **Omgewing:**

Wat is die invloed vanaf die omgewing en die persepsie van die omgewing aangaande die skool? Die omgewing bestaan uit die Departement van Onderwys, ekonomiese onstabiliteit en die ouers.

- **Skoolkultuur:**

Watter waardes, norms en ongeskrewe reëls word binne die skool vervat, ook wat 'n invloed op die funksionering en persepsie van die skool kan hê?

- **Produkte:**

Is die kwaliteit van onderrig en blootstelling in akademie, sport, kultuur en leierskap voldoende om nie net die matriekslaagsyfer te verhoog nie, maar leiers en volksbouers van die toekoms te skep?

- **Leweringsmetodiek:**

Het die skoolhoof en personeel voldoende kennis, opleiding en kundigheid om ten eerste met die leerders 'n verbintenis te hê, maar ook om in 'n veranderende wêreld aanpasbaar genoeg te wees om te presteer?

Verder in hierdie hoofstuk word die bevindings uit beide die literatuurstudie en die navorsing bespreek. Aanbevelings rakende die bevindings word gemaak en areas van verdere studie word aanbeveel.

4.2 GEVOLGTREKKINGS

4.2.1 Navorsingsmetodologie

Betreffende die navorsingsmetodologie, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die data in hierdie navorsing is betroubaar (soos bevestig deur bevredigende Cronbach Alpha waardes);
- Die steekproef in die studie is genoegsaam (soos bevestig deur die bevredigende KMO waardes);
- Die data is geskik vir multi-variante analise (soos bevestig deur die Toets van Bartlett)
- Die vraelys en die items wat gebruik is om die verskillende beeldskonsepte te meet (*omgewing, produk, lewering* en *kultuur*), is gesuiwer en bevestig deur bevestigende faktorontledings. Die vraelys is dus geskik om aangewend te word in hierdie, sowel as ander studies; en
- Die Strukturele Vergelykingsmodel se passing is uitstekend vir 'n eksploratiewe model.

Opsommend kan die gevolgtrekking dus gemaak word, dat die navorsingsmetodologie en data in hierdie navorsing statisties bo verdenking bewys is en kan die resultate dus as geldig beskou word.

4.2.2 Resultate

Gevolgtrekkings word aangaande die statistiese data gemaak op grond van indeks-klassifikasie in hoofstuk 3.

- **Omgewing:**

- o Daar is 'n beduidende indikasie dat ouers nie weet hoe om hulle kinders te help met skoolwerk nie. Hierdie is 'n area van ontwikkeling wat vinnige vrugte kan afwerp.
- o Ouers is ook nie bewus van watter kanale gebruik kan word om met kinderopvoeding betrokke te raak nie. Hierdie sluit nou aan by hoe ouers kan help.
- o Volgens die resultate, is onderwyser keuring belangrik genoeg om daarop fokus te lê.
- o Ouerbetrokkenheid is nie optimaal gewigtig genoeg in die skool nie en dit ondersteun die gebrek aan kennis rakende kommunikasiekanale en hulp met huiswerk.
- o Departementele betrokkenheid is nie baie sigbaar nie.

- **Skoolkultuur:**

- o Daar is duidelik nie 'n werkende ontruimingsplan nie, en die statistiese data sowel as verbatim terugvoer toon dat leerders en onderwysers nie bewus is van die so 'n plan nie, en of dit selde of nooit uitgeoefen het nie.
- o Daar is 'n indikasie dat hoewel toegangsbeheer toegepas word, dit nie voldoende is nie.
- o Dissipline is definitief 'n area wat ontwikkeling nodig het. Sowel die data as die verbatim terugvoer, toon dat dissipline onvoldoende is, en nie eweredig toegepas word nie.

- **Produklewering:**

- o Sportdeelname is in 'n ontwikkelingsarea en verbatim terugvoerklages oor gebrekkige fokus aan nie-“A” spanne toon dat daar kortliks hieraan aandag gegee moet word.
- o Sport- en akademie-balans is nie optimaal nie. Weereens maak die verbatim kommentaar dat hierdie in 'n area voorkom wat ontwikkel moet word.
- o Die resultate toon ook dat formele leierskap nie so sigbaar is nie, of meer informeel ontwikkel word nie. Hierdie is 'n definitiewe area van ontwikkeling indien die skool meeding met die top 100 skole in die land.

- o Tersiêre belyning en betrokkenheid met die universiteite is areas waar meer ontwikkeling gedoen moet word en waarskynlik meer sigbaar moet word.
- **Leweringsmetodiek:**
 - o Onderwyseropleiding en -motivering toon areas waarop 'n langtermyn fokus geplaas moet word vir ontwikkeling.
 - o Die “oop-deur” beginsel van die skoolhoof moet weens die indekswaarde en verbatim kommentaar kortliks ontwikkel word.
 - o Die bemerking van die skool is nie voldoende nie en ontwikkeling in hierdie verband moet gedoen word.

4.3 AANBEVELINGS

Aanbevelings is in 'n een-tot-een verhouding met die aanbevelings. Dus vir elke gevolgtrekking, is in volgorde 'n aanbeveling gedoen.

4.3.1 Navorsingsmetodologie

Met betrekking tot die navorsingsmetodologie word die volgende aanbeveel:

- Toekomstige navorsers moet die vraelys onveranderd kan aanwend, aangesien dit statisties gevalideer is om die beeld van 'n skool te meet en ook 'n goeie model-passing daarstel
- Die navorsingsmetodologie (en dan veral ook die data-insameling) kan sterk gebaseer word op die metodiek wat in die studie aangewend is, aangesien die steekproef statisties as genoegsaam bewys is (KMO-meting)

4.3.2 Resultate

- **Omgewing:**
 - o Daar moet verdere ondersoek gedoen word om ouers in te lig rakende metodes waarby hulle hul kinders kan ondersteun met die doen van hulle huiswerk. Praktiese implementering hiervan kan die volgende wees:

- Hou ouers op datum van huidige sillabusaktiwiteite deur middel van verskeie media. 'n Beskermdde webtuiste met hierdie inligting met leerdernommer en intekennaam kan help.
 - Verskaf duidelike praktiese informasie vir tuissskollingstegnieke sodat ouers kinders kan help en ondersteun met ekstra onderrig.
 - Verskaf geleenthede vir ouers om die skool te besoek, klasse by te woon en te observeer.
- o Inligting rakende die maniere waarop ouers by die onderrig van hulle kinders betrokke kan raak moet in plek gestel word. Praktiese wenke is ondermeer die volgende:
- Ouer ondersteuningsgroepe in die verskillende vakke kan moontlik in plek gestel word.
 - Skep 'n ouersentrum by die skool vir ouers om te gebruik wanneer hulle daar is. So 'n sentrum met genoegsame inligting sal interaksie toelaat en ouerbetrokkenheid bevorder. Geskikte media en rekenaartoeganklikheid kan dit aanhelp.
- o Die keuring van onderwysers is waarskynlik een van die belangrikste keuses wat die beheerliggaam moet maak. Uit die vraelys-analise en die verbatim terugvoer, kom 'n probleem na vore rakende veral laer graad onderwyserbekwaamheid. Formele seleksiepanele met gestruktureerde vrae word aanbeveel met duidelik oorsigte van die posvereistes en die bekwaamheid om pasbaarheid en effektiwiteit te verseker. Verdere ondersteuningsprogramme om nuwelinge te ondersteun, kan ook van baat wees.
- o Kommunikasie aan ouers oor die praktiese geleenthede waar hulle kan help, moet in duidelike inligtingstukke aan die ouers deurgegee word. Die skooldagboek kan daarvoor ook gebruik word, asook ander media soos SMS en webtuistes. Hulp met sportgeleenthede, fondsinsamelings en ander skoolaktiwiteite moet duidelik gedefinieer word en deurgegee word. 'n Skooljaar kan deur middel van 'n konferensie geopen word, en deur die ontwikkeling van 'n plan om onderwyser-ouer vennootskappe te bevorder.
- o Inligting rakende die Departement van Onderwys se betrokkenheid en invloed op die skool, moet sigbaar word. Inligting wat die leerders beïnvloed; en wat ouers dan nie verstaan nie; weens gebrek die aan konteks waarin inligting voorkom.

- **Skoolkultuur:**

- o 'n Duidelike ontruimingsplan volgens die Wet op Beroepsveiligheid moet in plek geplaas word, en inoefening moet ten minste 6-maandeliks gebeur. Weens die risiko van brand, en intimidasie in die huidige politieke onrus in die land, is hierdie van kardinale belang. Daar moet voorsiening gemaak word vir elke moontlike ontruimingsituasie.
- o Toegangsbeheer sal moet aangepas word om by die ontruimingsplan aan te pas om te verseker dat leerderregisters beskikbaar is tydens die na-ontruiming presensielys.
- o Dissipline-toepassing moet meer gestandaardiseer word tussen onderwysers, met duidelike maatstawwe om te voorkom dat persepsies van onregverdigheid voorkom. Onderwysers is ook klasbestuurders en moet verseker dat hulle klasse in 'n gedissiplineerde formaat geskied. Ongedissiplineerdheid moet dus vanaf 'n verenigde front bestuur word. Rook is 'n definitiewe probleem waarvoor daar streng opgetree moet word, aangesien dit nie net die kinders nadelig beïnvloed nie, maar duidelik ook onwettig is. Ouers moet ook hier aangespreek word, aangesien dissipline tuis moet begin.

- **Produklewering:**

- o Fokus op nie-“A” spanne moet vermeerder. Daar is ruim geleentheid om ouerbetrokkenheid hier te benut. Informele kompetisie of vriendskaplike wedstryde kan steeds gereël word om meer blootstelling te bewerkstellig.
- o Hoewel sport belangrik is, word skole steeds meer gemeet aan akademiese prestasie (Perry, 2009). Moontlike metodes om te verseker dat sport en akademie in balans is word aangegee:
 - Die eerste metode is om deur middel van erkenning die balans te bevorder deur leerders te motiveer om beplanning vir hul tyd te doen.
 - 'n Ander metode is om leerders-sport te beperk indien die akademie nie op standaard is nie. Hoewel nie al die leerders dieselfde akademiese vaardighede het nie, word hierdie effektief op tersiêre gebied gebruik.

- Die meeste leerders vandag het selfone met kalenderfasiliteite. Deur van rekenaars gebruik te maak, kan leerders geleer word om hulle weke vooruit te beplan en herinner te word aan belangrike aktiwiteite en leerfasies. Dit is belangrik om “aftyd” ook te beplan.
- o Leierskap kan meer geformaliseer te word deur ’n addisionele vak of dan buitemuurse aktiwiteit aan te bied. Ons leerders is môre se leiers en dit is belangrik dat ons hulle gebalanseer die wêreld instuur. Indien die skool kompetend wil wees met van die uitmuntende skole in die land, moet hierdie produk aandag geniet. Die literatuurstudie toon metodes van leierskapaanbieding.
- o Sigbaarheid ten opsigte van tersiêre belyning moet verhoog word. Leerders moet vroeër in hul hoërskoolfase met die universiteite kontak maak. Hierdie feit sluit in ondermeer ’n duidelike oorsig oor toelatingsvereistes, studierigtings, en nog meer, praktiese blootstelling aangaande selfstudie en studiebeplanning om die leerders voor te berei vir wat veral in die eerste jaar gebeur. Leerders staak hulle studies weens die feit dat hulle nie voorbereid is vir eie verantwoordelikheid nie. Verder is dit ook belangrik om te sorg dat die standarde van sleutelvakke soos wiskunde en wetenskappe so is dat dit op of naby universiteit toelatingsvlak is. Die rektor van Noordwes universiteit het sy bekommernis oor hierdie feit reeds in 2009 uitgespreek.

- **Leweringsmetodiek:**

- o Onderwyseropleiding moet meer gestruktureer plaasvind in die vorm van Individuele ontwikkelingsplanne, wat gekoppels is aan prestasiebeoordeling (BSC). Areas van ontwikkeling moet geïdentifiseer word en ontwikkelingsplanne gesamentlik oor besluit word en realisties geïmplementeer word.
- o Daar moet ’n praktiese maar meer formele proses in plek geplaas word rakende kontak met onderwysers en die skoolhoof, wat goed gekommunikeer word en as die aanvaarbare metode, met al die deursigtigheid wat daarmee gepaardgaan.
- o Skoolbemarking moet meer sigbaar gedoen word. Daar is verskeie media vir kommunikasie beskikbaar wat die sigbaarheid van die skool kan verhoog. Aangesien die skool een van die 100 beste skole in die land is,

moet sigbare bemarking op 'n hoër vlak geskied as slegs in die onmiddellike omgewing. 'n Werkbare bemarkingsplan in die verband moet ontwikkel word.

4.4 AREAS VIR VERDERE STUDIE

In die lig van hierdie studie, kan die volgende aanbevelings dien ten opsigte van temas vir verdere navorsing:

- Faktore uit die omgewing moet verder ondersoek en geïdentifiseer word om te bepaal in watter mate dit die skool se beeld beïnvloed. Die ontwikkelde model gee nie die optimale insette tot die beeld nie, en dit dui op ongeïdentifiseerde faktore.
- Formele prestasiebeoordeling vir onderwysers moet ondersoek word om te bepaal in watter mate die vlak van opvoeding in laer grade verbeter kan word.
- Ouer-onderwyser vennootskappe en die invloed van suksesvolle vennootskappe moet ondersoek word en moontlike aksieplanne in plek geplaas word rakende huiswerk, deelname aan sportgeleenthede en fondsinsamelingsprojekte.
- Weens die tekort aan goeie onderwysers, moet ondersoek ingestel word na planne vir die behoud van goeie onderwysers in skole.
- Die skoolklimaat is 'n area wat moeilik gedefinieer word. In besonder word die gedrag binne die skool hieronder geplaas. Dit is belangrik dat hierdie aspek verder ondersoek word, aangesien enige verandering in die skool slegs met klimaatsveranderinge kan gebeur.

4.5 STUDIEOPSOMMING

In hedendaagse tye is daar toenemende verwagtinge oor die onderrig wat kinders ontvang vanaf die gemeenskap waarin die skool geleë is. Indien die geskiedenis van onderwys ondersoek word, kan gesien word dat daar toenemende druk op skole vanaf alle oorde plaasvind.

Een van die grootste probleme wat skole huidig ondervind, is die gebrek aan sosiale kohesie. Sosiale kohesie is die vermoë om kompetend in pas te bly met die bronne ondanks veranderinge in die onmiddellike demografiese en sosiale omgewing.

Die bron van hierdie vermoë is die beeld van 'n skool. Die beeld van 'n skool is persepsie gebaseer. Hierdie persepsie word onderbou deur vier pilare naamlik die *omgewing*; *skoolkultuur*; *produktelewing*; en *leweringsmetodiek*.

Die doel van die studie was om hierdie persepsies te ondersoek en die volgende doelstelling is daargestel:

- Faktore uit die literatuurstudie te identifiseer;
- Faktore uit die empiriese studie te identifiseer;
- Faktore te toets wat 'n invloed op die beeld van die skool mag hê;
- Prioriteite aan die verskillende faktore toe te ken; en
- Bestuursinsette te ontwikkel ten einde die beeld te verhoog.

'n Literatuurstudie is gedoen om faktore te identifiseer volgens die model van Howard (1998:15). Binne hierdie studie is faktore binne elk van die vier pilare geïdentifiseer en ondersoek.

Die *omgewing* van 'n skool word deur faktore beïnvloed, soos ouers, wetgewing, die Departement van Onderwys en die ouerbeheerliggaam.

Die *skoolkultuur* word opgebou deur die geskiedenis van die skool, die sosiale klimaat binne die skool, erkenning, voorkoms, dissipline, veiligheid en godsdiens.

Produktelewing word onderbou deur akademie, sport, leierskap, en tersiêre belyning.

Ten laaste is die *leweringsmetodiek* die meganismes waardeur die produk gelewer word, geïdentifiseer as die skoolhoof, die personeel, die infrastruktuur en die tegnologie in gebruik deur die skool.

Die ondersoek het verder bepaal dat die mees effektiewe meetinstrument 'n vraelys is wat aan 'n ewekansig-geselekteerde groep leerders en ouers gegee is. Die meetinstrument se ontwerp is uit die literatuurstudie afgelei om die vier pilare doeltreffend te meet.

Deur analise van die data en die meetinstrument, is die betroubaarheid, geldigheid en pasbaarheid van die meetinstrument ondersoek. Verskeie toetse is gedoen om hierdie

stellings te bewys. Deur middel van Cronbach Alpha, Kaiser-Meyer-Olkin, Bartlett en faktor-analise is 'n betroubare model ontwikkel wat herhaalbare resultate sal verskaf en wat akkurate indikasies gee aangaande die bydrae van elke pilaar tot die beeld van die skool.

Die resultate van die vraelyste is deur middel van 'n indeks geklassifiseer en in kritiese areas, ontwikkelingsareas en instandhoudingsareas geplaas. Daar is een area wat as krities geïdentifiseer is en 'n aantal as ontwikkelingsareas. Addisionele kommentaar vanaf die vraelyste is in positiewe en negatiewe terugvoer onder verskeie hoofpunte gekwantifiseer.

Uit hierdie resultate is sekere gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings volgens elke gevolgtrekking gemaak. Aanbevelings moet volgens prakties-aanvaarde oorwegings maklik implementeerbaar te wees. Areas vir verdere navorsing is ook geïdentifiseer wat uit die navorsing na vore gekom het, maar nie deur die navorsing ondersoek is nie.

Herhaling van hierdie navorsing word aanbeveel met gereelde tussenposes van ten minste twee jaar.

BRONNELYS

AL-ENEZI, M.M. 2002. A Study of the Relationship between School Building Conditions and Academic Achievement of Twelfth Grade Students in Kuwaiti Public High Schools. Virginia: Virginia Polytechnic Institute and State University, (Tesis – D.Phil.) 188p.

BAILEY, R. 2006. Physical Education and Sport in Schools: A Review of Benefits and Outcomes. *Journal of School Health*, (76)8:397-401 Oct.

BARON, R.A. & BYRNE, D. 1996. Social Psychology. Massachusetts: Viacom Company

BECHTOL, S.S. 2001. Adults' Perceptions of the Long-Term Effects of Participation in High School Sports. Virginia: Virginia Polytechnic Institute and State University, (Tesis – D.Phil.) 120p.

BEETS, M.W. & PITETTI, K.H. 2005. Contribution of Physical Education and Sport to Health-Related Fitness in High School Students. *Journal of School Health*, 75(1):25-30, Jan.

BISSCHOFF, C.A. & HOUGH, J. 1995. Retaining the competitive edge in SA organised agriculture through customer service management. First Asian annual management conference, *Academy of management, Penang*, Malaysia, 6-7 December.

BLOCH, G. 2007. Township and Rural Schools continue to be marginalised as inequality in the education system persists. *Development Bank of Southern Africa*, (21 Nov. 2007). http://www.dbsa.org/Mediaroom/Documents/DBSA_education_article.doc. Datum van gebruik: 24 Nov. 2009

BOTHA, R.J. 2004. Excellence in leadership: demands on the professional school principal. *South African Journal of Education*, 24(3):239–243

BRANHAM, D. 2004. The Wise Man Builds His House Upon the Rock: The Effects of Inadequate School Building Infrastructure on Student Attendance. *Social Science Quarterly* (Blackwell Publishing Limited), 85(5):1112-1128, Dec.

BREED, J.A. 2008. Die Leierskaprol en –bevoegdhede van die skoolhoof en die Bedryfsleier: 'n Vergelykende Studie. Potchefstroom: North-West University. (Tesis – D.Ed.) 229p.

BYRNE, D. 2003. Interpreting Quantitative Data. London: SAGE Publications Ltd.

COETSEE, L.D. 2002. Peak performance and productivity: A practical guide for the creation of a motivating climate. Potchefstroom: Ons Drukkers.

CHRISHOLM, L. 2009. Teacher Education in South Africa Series: An Overview of Research, Policy and Practice In Teacher Supply and Demand 1994-2008. Kaapstad: HSRC.

COHEN, M., LINGENFELTER, P.E., MEREDITH, T.C. & WARD, D. 2006. A Coordinated Effort to Prepare Students for College. *Chronicle of Higher Education*, (53):17, Dec.

CONNORS, L.J. & EPSTEIN J.L. 1994. Taking Stock: Views of Teachers, Parents, and Student son School, Family, and Community Partnerships in High Schools. *Center on Families, Communities, Schools and Children's Learning, Johns Hopkins University*, Report No. 25. 38p.

COSSER, M. & DU TOIT, J. 2002. From School to Higher Education? Factors affecting the choices of Grade 12 Learners. Cape Town: HSRC.

CROTHERS, M. 2009. Management Extra: Reputation Management. Oxford: Elsevier Ltd.

DANZIG, A. 1999. How might leadership be taught? The use of story and narrative to teach leadership. *International Journal of Leadership in Education*, (2):117-131.

DECOSTER, J. 1998. Overview of Factor Analysis. Retrieved: <http://www.stat-help.com/notes.html>. Datum van gebruik: 10 Aug. 2010.

DEPARTEMENT van Onderwys **kyk** SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys.

DOWLING, M.F. 2008. Chapman Friends School: A Study of the Creation of Culture. Virginia: Virginia Polytechnic Institute and State University, (Tesis – D.Ed.) 190p.

DU PLESSIS, P.J. 2002. 'n Ondersoek na die rol van die skoolhoof as veranderingsagent in finansiële skoolbestuur (Afrikaans). Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Tesis – D.Phil.) 312p.

DU PLESSIS, J.L. 2010. Statistiese konsultasiedienste. Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

EDUCATION LABOUR RELATIONS COUNCIL. 2005. Educator Supply and Demand in the South African Public Education System: Integrated Report. Cape Town: HSRC. 164p.

EGER, L. & EGEROVÁ, D. 2002. Assessment of School Image In E + M. *Economics and Management*. Special issue, (5):45-47, ISBN 1212-3609.

ELKUS, R.J. 1991. Lose your strategic markets and you lose control of your destiny. *Research technology management*, 34(1):7-8, Jan/Feb.

FIELD, A. 2005. Discovering statistics using SPSS, Second Edition. London: Sage Publications Ltd.

FINKEL, E. 2007. Testing at California High Schools, Community Colleges Misaligned. *Community College Week*. 3p. 7-9, Aug.

FISKE, E.B. & LADD, H.F. 2004. Education reform in post-apartheid South Africa. Washington, D.C.:Brookings Institution.

GARSON, G.D. 2009: Structural Equation Modeling. Raleigh. North Carolina State University. <http://faculty.chass.ncsu.edu/garson/PA765/structur.htm>. Datum van gebruik: 17 Aug. 2010.

GRANDMONT, R.P. 2003. Judicious Discipline: A Constitutional Approach for Public High Schools. *American Secondary Education*, 31(3):97-117, Summer.

GERBER, P.D., NEL, P.S. & VAN DYK, P.S. 1998. Menslike Hulpbron Bestuur. Halfway House: International Thomson Publishing (Pty) Ltd.

GRONDWET *kyk* SUID-AFRIKA.

HALL, A.A. 1997. Tacit Culture and Change: A Model of Changes Constructed from Institutional Assumptions and Beliefs. Virginia. Virginia Polytechnic Institute and State University, (Tesis – D.Ed.), 213p.

HILL, A.M. & SMITH, H.A. 2005. Research in Purpose and Value for the Study of Technology in Secondary Schools: A Theory of Authentic Learning. *International Journal of Technology and Design Education*, 15:19-32, Spring.

HEYMANS, J.H. 2007. The Implementation of Technology Education in Secondary Schools in the Urban Areas of the Free State Province. *Interdisciplinary Journal*, 6(1):37-45, Summer.

HO, W.C. 2007. Students' experiences with and preferences for using information technology in music learning in Shanghai's secondary schools. *British Journal of Educational Technology*, 38(4):699-714, Spring.

HOFFLER-RIDDICK, P.Y. 1998. The Relationship between the Implementation of a Mandatory Uniform Dress Policy and Attendance, Grade Point Average, Discipline, and Self-Esteem. Virginia: Virginia Polytechnic Institute and State University, (Tesis – D.Ed.), 234p.

HOWARD, S. 1998. Corporate Image Management: A Marketing Discipline for the Twenty First Century. Oxford: Butterworth-Heinemann.

JOUBERT-SERFONTEIN, E.M. 2005. Educators employed by school governing bodies: What are their labour rights and obligations? Potchefstroom: North-West University. (Verhandeling – M.Ed.) 150p.

KRAAK, A. & YOUNG, M. 2001. Education in Retrospect: Policy and Implementation Since 1990. Pretoria: HSRC.

KREITNER, R. & KINICKI, A. 2007. Organizational Behaviour. New York: McGraw-Hill

KRETMAN, K.P. 1996. Learning Leadership: A Curriculum Guide for a New Generation, Grades K-12. *Center for Political Leadership and Participation*, 140p, Spring.

LAMB, C.W., HAIR, J.F., McDANIEL, C., BOSHOF, C. & TERBLANCHE, N.S. 2008. Marketing. Second South African edition. Cape Town: Oxford.

LANDSBERG, E., KRÜGER, D. & NEL, N. 2005. Addressing Barriers to Learning: A South African Perspective. Pretoria: Van Schaik.

LANE, R.J., BISHOP, H.L., GIBBS, J.E. & LANE, L.J. 2006. Appraisal of K-12 School Physical Structures: A Model for Facilities Assessment. *Education*, 126(4):599-608, Summer.

LAURITZEN, P. 2007. Student Soldier: Is There Room for ROTC on Catholic Campuses? *Commonweal*, 19-22 Sep.

LESHNOWER, S. 2008. Teaching Leadership. *Gifted Child Today*, (31):29-35 Spring.

MILNER, K. & KHOZA, H. 2008. A comparison of teacher stress and school climate across schools with different matric success rates. *South African Journal of Education*, 28:155-173.

MINNEAPOLIS PUBLIC SCHOOLS. 2008. Positive School Climate Tool Kit, First Edition. <http://sss.mpls.k12.mn.us/sites/6c9fd336-96c5-451c-a8a6b6f00373668d/uploads/Introduction.pdf>. Datum van gebruik: 24 Nov. 2009.

MNCUBE, V. 2009. The perceptions of parents of their role in the democratic governance of schools in South Africa: Are they on board? *South African Journal of Education*, 29:83-103.

MOGONEDIWA, M.V. 2008. Strategies For The Management Of Low Performing Secondary Schools In The North-West Province. Potchefstroom. North-West University. (Verhandeling – M.Ed.) 152p.

MOLLAND, J. 2007. Straight Talk About Schools Today: Understand the system and help your child succeed. Minneapolis: Free Spirit.

MOULTON, J.C. 1998. National Survey of the Perceptions of selected School Board Members regarding the Quality and Condition, Maintenance, and Improvement and Renovation of Existing Public School Facilities. . Virginia: Virginia Polytechnic Institute and State University, (Tesis – D.Ed.) 114p.

MURRAY, M., KAPPELMAN, M.D. & ACKERMAN P.R 1977. Between Parent and School. New York: The Dial.

NAGEL, T. 2004. Distance Education: The Impact of Goal Orientation, Motivational Beliefs and Strategies, and Course Satisfaction. *International Journal of Instructional Technology and Distance Learning*, (1):10, Oct, ISSN 1550-6908.

NASIONALE VERGADERING **kyk** SUID-AFRIKA. Nasionale Vergadering.

NKOMO, M., MCKINNEY, C. & CHRISHOLM, L. 2004. Reflections on School Integration. Kaapstad: HSRC.

NKOMO, M. & VANDEYAR, S. 2008. In Search of Best Practice: In South African Desegregated Schools. Cape Town: HSRC.

OPLATKA, I. 2007. The principal's role in marketing the school: Subjective interpretations and personal influences. *Planning and Changing*, 38(3):208-221.

PACHAGADU, S. & DE BEER, K.J. 2009. Academic literacy programme model design. *Interdisciplinary Journal*, (8):74-79.

PASSEY, D. 2006. Technology Enhancing Learning: Analysing uses of Information and Communication Technologies by Primary and Secondary School Pupils with Learning Frameworks. *The Curriculum Journal*, 17(2):139-166, 2 Jun.

PERRY, H. 2009. Top 100 Schools: Sing the praises of these state schools. *Sunday Times*, 1-4, 18 Okt.

PHUTA, J.K. 2005. The role of School Governing Bodies in Whole School Self-Evaluation. Potchefstroom: North-West University. (Verhandeling – M.Ed.) 99p.

POTGIETER, J.D. 2006. GodsdienSVryheid in die huidige onderwysbeleid van Suid Afrika: 'n Christelik etiese beoordeling. Potchefstroom: North-West University. (Tesis – M.Th.) 110p.

QUAN-BAFFOUR, K.P. 2006. The Role of School Governing Bodies in Improving School Performance in Taung Rural Areas. Pretoria: University of South Africa. (Verhandeling – M.Ed.) 132p.

REITSMA, G.M. 2006. 'n Model vir die Kortkursus-indiensopleiding van Onderwysers vir die Leerarea Tegnologie. Potchefstroom: North-West University. (Tesis – D.Phil.) 373p.

RENIHAM, F.I. & RENIHAM, P.J. 1988. Institutional Image: The concept and implications for administrative action. *NASSP Bulletin*, 73(515):81-90.

SCHERMAN, V. 2007. The Validity of Value-Added Measures in Secondary Schools. Pretoria: University of Pretoria. (Tesis – D.Phil.) 392p.

STEYN, H.J., STEYN, S.C., DE WAAL, E.A.S. & WOLHUTER C.C. 2003. Die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel: Kernkenmerke. Noordbrug.

STRUWIG, F.W. & STEAD, G.B. 2004. Planning, designing and reporting research. Third edition. Cape Town: Pearson Education, 279 p.

SUID-AFRIKA NASIONALE VERGADERING 2008. Vraag (109) Vryheidsfront Plus aan Minister van Basiese Opvoeding rakende die aantal Afrikaanse skole wat Engels medium geword het. (04 Maart 2009). Parlementêre webtuiste. http://www.parliament.gov.za/live/commonrepository/Processed/20091112/56976_1.pdf Datum van gebruik: 22 Nov. 2009.

SUID-AFRIKA NASIONALE VERGADERING 2009. Vraag (01) Onafhanklike Demokrate aan Minister van Basiese Opvoeding rakende skoolfooie. (06 Februarie 2009). Parlementêre webtuiste. http://www.parliament.gov.za/live/commonrepository/Processed/20091112/124083_1.doc. Datum van gebruik: 22 Nov. 2009.

SUID-AFRIKA NASIONALE VERGADERING 2009. Vraag (16) Demokratiese Alliansie aan Minister van Basiese Opvoeding rakende die Morkel Model van leerkrag toekenning aan skole. (11 November 2009). Parlementêre webtuiste. http://www.parliament.gov.za/live/commonrepository/Processed/20091112/100283_1.pdf. Datum van gebruik: 22 Nov. 2009.

SUID-AFRIKA. 1993. Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, nr. 85 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1997. Wet op Basiese Diensvoorwaardes, nr. 75 van 1997. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1995c. Suid-Afrikaanse Arbeidswet, nr. 66 van 1995. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1995a. Wet op Arbeidsverhoudinge, nr. 66 van 1995. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1995b. Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, nr. 58 van 1995. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996a. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika soos op 8 Mei 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering (B34B-96.). (ISBN: 0-260-20716-7.).

SUID-AFRIKA. 1996b. SA Skolewet, nr. 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996b. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, nr. 27 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996c. SA Skolewet, nr. 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1998a. Wet op Indiensneming van Opvoeders, nr. 76 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1998b. Wet op Gelyke Indiensneming, nr. 55 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2001. The National Policy on Whole-school Evaluation. *Government Gazette*, 22512, July.

SUID-AFRIKA. 2007. National Education Policy Act (27/1996): The National Policy Framework for Teacher Education and Development in South Africa. (Proclamation no. R 367, 2007) *Government Gazette*, 29832:502, 26 Apr.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys. 1995. Die Witskrif oor Onderwys en Opleiding. Pretoria: Staatsdrukker. 108p. (WPB-1995).

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys. 2004. Five-year Strategic Plan for 2004/5 to 2009/10. <http://www.education.gpg.gov.za/Strategic%20Plan07.pdf> 66p. Datum van gebruik: 23 Mar. 2010.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys. 2008. Education Statistics in South Africa 2008. <http://www.education.gov.za/emis/emisweb/08stats/Education%20Statistics%20in%20South%20Africa%202008.pdf>. Datum van gebruik: 24 Mar. 2010.

TOBIAS, S. & CARLSON, J.E. 1969. Bartlett's test of sphericity and chance findings in factor analysis. *Multivariate Behavioral Research*, 4(3):375-377.

TOMAL, D.R. 2001. A Comparison of Elementary and High School Teacher Discipline Styles. *American Secondary Education*, 30(1):38-48, Fall.

TROCHIM, W.M.K. 2006. Construct Validity.<http://www.socialresearchmethods.net/kb/constval.php>. Datum van gebruik: 23 Jun. 2010

VAN SCHALKWYK, H. 2009. Inhuldigingsrede Rektor NWU Potchefstroom. (Nuusonderhoud met OFM, Radiostasie in Bloemfontein, rakende voorbereiding van skoliere vir Tersiere onderwys op 24 November 2009.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

VAN ZYL, C. 2009. Onderhoud met bemakingsbestuurder van Hoerskool Transvalia op 26 Oktober. Vanderbijlpark.

VERBEEK, P.A. 2006. An Assessment of School Fees: Implications for Nonpayment. Vanderbijlpark: North-West University. (Verhandeling – M.Ed.) 229p.

WETTE *kyk* SUID-AFRIKA.

YU, C.H. 2001. An introduction to computing and interpreting Cronbach Coefficient Alpha in SAS. The SAS Institute Inc., Cary, NC, USA. *Proceedings of the Twenty-Sixth Annual SAS® Users Group International Conference*, 246-26.

BYLAE A: DIE GESKIEDENIS VAN HOËRSKOOL TRANSVALIA

Die Totstandkoming van Hoërskool Transvalia en die beginjare: 1958-1959

Vanweë die ontwikkeling en groei in Vanderbijlpark, het dit teen 1958 duidelik geword dat daar 'n behoefte aan 'n tweede Afrikaansmedium Hoërskool was. Om die rede het die Sekretaris van die Skoolraad van Vereeniging die hoof, mnr. B.J. Claasen, en die adjunkhoof, mnr. J.W. De Vlamingh, van die eerste Afrikaansmedium Hoërskool (Vanderbijlpark Hoërskool) genader met die oog op die stigting van 'n tweede Afrikaansmedium Hoërskool.

Na samesprekings en onderhandelinge het die Skoolraad en Inspekteur op 8 Februarie 1958 by die Direkteur van Onderwys aanbeveel dat 'n tweede Afrikaansmedium Hoërskool gestig word. Daar is ook aanbeveel dat mnr. De Vlamingh as waarnemende hoof aangestel word sodat al die nodige voorraad betyds bestel kon word.

Die nuwe skool sou voorloping in die geboue van die eerste Afrikaansmedium Hoërskool gehuisves word. Die voedingsarea van die nuwe skool was leerlinge uit CE1, CE2, CW3 en die plotte. Leerlinge is reeds op 10 Februarie 1958 in twee skole ingedeel. Op 1 April 1958 word die stigting van die tweede Afrikaansmedium Hoërskool amptelik goedgekeur met 'n personeelgetal van 15. Op daardie stadium was daar 307 ingeskrewe leerlinge.

Die stigtingsdatum van Transvalia is 1 April 1958, alhoewel die deure van die skool eers amptelik op 15 April 1958 geopen het. Op die dag was daar 'n leerlingtal van 303, bestaande uit Standaard 6, Standaard 7 en 'n Aanpassingsklas. Daar is 13 personeellede aangestel om die klasse te hanteer.

Met die amptelike opening van die skool was daar nog twee vakante poste wat eers later in die jaar gevul is. Die eerste sekretaresse is ook in die tyd aangestel.

Dr S.I.W. (Salomon) Roos word op 5 Desember 1958 aangestel as permanente hoof en mnr. Malherbe Kilian as permanente adjunkhoof met ingang van 1 Januarie 1959.

Met die opening van die nuwe skooljaar op 12 Januarie 1959 het die skool nie net alleen met sy eerste permanente hoof en onderhoof begin nie, maar die skool was nou gehuisves in tydelike geboue in Buddstraat CE1. Die tydelike geboue is betrek tot 16 April 1963. Die leerlingtal was toe 340 met 'n personeeltoewysing van 16 poste waarvan 13 op daardie stadium gevul was.

Transvalia se eerste prefekte is tydens die tweede kwartaal van 1959 verkies en het bestaan uit 6 Standaard 8 en 4 Standaard 7 leerlinge, 5 Seuns en 5 Dogters.

Die naam van die skool is amptelik op 6 Maart 1959 verander na Hoërskool Transvalia.

Transvalia se verdere ontwikkeling 1960 – 2010.

Transvalia se eerste kleurbaadjie het sy verskyning op 6 Maart 1960 gemaak. Die skool se eerste kermis is gehou op 12 September 1960 en daar is 'n reuse wins gemaak van R2 400,00. In 1961 het Transvalia sy eerste matrieks gehad en die eerste matriekafskeid het op 10 November 1961 plaasgevind.

Intussen is daar begin met die beplanning vir die bou van Transvalia se nuwe geboue in SW5. Op 19 Mei 1962 vind die hoeksteenlegging van Hoërskool Transvalia plaas. Die hoeksteen word gele deur mnr. Koos Havenga (LPR). Op 17 April 1963 word daar na die nuwe geboue oorgetrek en op 18 Oktober 1963 vind die amptelike opening van die skool deur mnr. A.J. Koen, die Direkteur van Onderwys, plaas.

Dit was tydens hierdie opening waar die skoolied vir die eerste keer deur die dogterskoor gesing is. Mnr. Elmar Steyn het die skoolied geskryf en dit is deur Mnr. A.W. Wegelin van die PU vir CHO getoonset.

Soos wat die leerlingtal geleidelik toegeneem het, het die skool in 1964 gekwalifiseer vir 'n tweede adjunkhoof. Mnr. L.P. Botha is dan ook in die derde kwartaal van 1964 aangestel as adjunkhoof. Nadat mnr. Malherbe Kilian aan die einde van 1964 bedank het, is mnr. Martinus (Elmar) Steyn as adjunkhoof aangestel en het hy op 17 Januarie 1966 in die pos begin. In 1971 is mnr. Elmar Steyn aangestel as adjunkhoof by Hoërskool Vereeniging.

Op 9 November 1970 word dr. Salmon Roos aangestel as Inspekteur van Onderwys. Intussen is mnr. J.J.P. Ackerman aangestel as waarnemende hoof van Transvalia met ingang van die eerste kwartaal van 1971. Mnr. Elmar Steyn is met ingang van die eerste kwartaal van 1972 aangestel as permanente hoof van Transvalia.

Omdat die leerlingtal van Transvalia so geweldig gestyg het, het dit duidelik geword dat 'n derde Afrikaansmedium skool nodig was. Dit was dan ook in die eerste kwartaal van 1972 wat die derde Afrikaansmedium skool in Vanderbijlpark begin het, nl. Hoërskool Driehoek.

Op 5 Mei 1972 is die naamplaat van die skoolsaal onthul, naamlik "Die Salomon Roos Saal".

Verskeie van Transvalia se personeel het bevordering gekry.

Baie bydraes is deur personeel gelewer en verskeie prestasies is behaal. Een so 'n prestasie is toe mnr. Oubaas Coetzee in 1973 op die Direkteur van Onderwys se persoonlike salarisskaal aangestel is vanweë sy bydraes in sy vakgebied Houtwerk.

Na 'n lang dienstydpark van meer as 10 jaar, word daar op 25 Junie 1982 van mnr. Elmar Steyn afskeid geneem. Mnr. Nic Prinsloo het toe vir die res van die jaar waargeneem as hoof.

Mnr. J.N.J.C. Coetzee het sy dienstydpark as die derde permanente hoof van Transvalia op 3 Januarie 1983 begin.

Die getal personeel in 1983 is vasgestel op 51 en op daardie stadium was daar 12 mans personeel en 39 damespersoneel. Gedurende 1984 word Transvalia as 'n Gekompliseerde Skool geklassifiseer, wat aan hom 'n senior adjunkhoof en twee adjunkhoofde besorg. Die nuwe bedeling het ook 'n verandering in die departementshoofde-struktuur teweeggebring.

Mnr. J.N.J.C Coetzee is met ingang van 1 Augustus 1988 bevorder tot Inspekteur van Onderwys. Mnr. C.J. Venter, senior adjunkhoof, het as hoof waargeneem tot 31 Maart

1989. Op 14 April 1989 het mnr. F.A. Visser amptelik sy dienstydpark begin as die vierde hoof van Transvalia.

Een van die groot tradisies van die skool is die Opelugskou wat jaarliks sedert 1988 plaasvind. Daar is in 1992 besluit dat dit bekend sou staan as die Vanderbijlparkskou.

Met al die verwickelinge in die onderwys het die ouers in 1992 besluit dat Transvalia 'n Staatsondersteunde model C-skool moet word. Vanaf 1 Augustus 1992 was Transvalia 'n Model C-skool en nie meer 'n gewone staatskool nie. Hierdeur is die skoolgebou, terrein en voorraad aan die ouergemeenskap oorgedra wat weer baie verantwoordelikhede meegebring het vir die ouers by wyse van hulle verkose verteenwoordigers in die Bestuursliggaam.

In 1994 vind die eerste Sportdinee plaas en 300 gaste was teenwoordig. Bekende sport persoonlikhede wat teenwoordig was, was Mannetjie Roux, Francois Pienaar, Hennie le Roux, Theo van Rensburg, Uli Schmidt, en Chris Dirks. Die sportdinee is tot 2005 jaarliks gehou.

Mnr. Roelof Oosthuizen het in Julie 2000 die leisels by mnr. Bertie Visser oorgeneem as die vyfde permanente hoof van Transvalia nadat mnr. Visser uit die onderwys getree en hom by die Noord-Wes Universiteit aangesluit het. Mnr. Oosthuizen het gou sy merk gemaak en in 2005 en 2006 ontvang hy die Sedibeng-Wes-trofee vir die beste ondersteunende hoof. Op 14 Januarie 2009 begin Mnr. Oosthuizen as hoof by die Hoërskool Gimnasium in Potchefstroom.

Me Lizette Hattingh, onderhoof van Transvalia, neem waar as skoolhoof vanaf 14 Januarie 2009 tot 23 September 2009.

Mnr. Johan Venske, voorheen hoof van Hoërskool Suiderlig, ook in Vanderbijlpark, word as die sesde hoof van Transvalia aangestel met ingang 5 Oktober 2009.

In 2008 staan die leerlingtal op 1,144 met 48 onderwyspersoneel en 6 administratiewe personeel.

As gevolg van Transvalia se uitstekende uitslae in 2007, ontvang die skool in 2008 die trofee vir die meeste HG-onderskeidings, die hoogste persentasie vrystellings, 100% slaagsyfer en die beste prestasie van 'n akademiese skool. Dit is iets waarop almal van Transvalia waarlik trots kan wees.

2009 leerlingtal en prestasies.

Transvalia word in die Beeld gepubliseer a.g.v. sy prestasies en onder die Top 100 skole in die land.

BYLAE B: VRAELYS



Die *ondersoek* van 'n beeld vir Hoërskool Transvalia

Die doel van hierdie vraelys is om die beeld van die skool te bepaal en areas van verbetering te identifiseer. Hierdie is 'n anonieme vraelys. Wees asseblief so eerlik moontlik in u antwoorde. U word by voorbaat bedank vir u deelname. Merk relevante vrae met 'n "X" en vul slegs die jaar van geboorte in.

Demografiese Inligting					
Ouderdom -Jaar van Geboorte (Bv. 1996)					19__
Geslag	Manlik		Vroulik		
Geletterdheid	Skolier Graad()	Matriek	Diploma	Graad (B.sc/B.ed)	Ander

Vraelys						
Hierdie gedeelte bestaan uit 36 stellings. U word versoek om slegs een van die vyf moontlike keuses te selekteer deur 'n "X" in die betrokke sel te maak. Die waarde van 1 dui aan dat u baie sterk nie met die betrokke stelling saamstem nie, terwyl 'n waarde van 5 aandui dat u die stelling baie sterk ondersteun. Aanvullende kommentaar kan in die gegewe blok aan die einde verskaf word.		Stem Sterk NIE Saam NIE	Stem NIE Saam NIE	Neutraal	Stem Saam	Stem Sterk Saam
		1	2	3	4	5
		VRAAG				
		Omgewing				
		1	Daar is 'n duidelike en sigbare visie en missie vir die skool.			
2	Daar vind noukeurige kurrikulummonitering plaas.					
3	Daar vind noukeurige onderwyserkeuring plaas.					
4	Daar word duidelike finansiële bestuur toegepas.					
5	Ouers is betrokke by die skool.					
6	Ouers is bewus van die korrekte kanale om betrokke te wees.					
7	Ouers weet hoe om kinders te help met huiswerk.					
8	Die Departement het 'n duidelike betrokkenheid by die skool.					

Skoolkultuur						
9	Daar is 'n positiewe klimaat in die skool.					
10	Daar word erkenning gegee vir prestasies.					
11	Leerders word deurgaans bemoedig om te presteer.					
12	Die skooldrag bevorder die skool se beeld.					
13	Graad van dissipline toepassing is hoog.					
14	Graad van onderwyserondersteuning in dissipline is hoog.					
15	Dissipline word konsekwent toegepas.					
16	Skoolveiligheid word prakties beklemtoon.					
17	Die skool het 'n ontruimingsplan in gebruik.					
18	Streng toegangsbeheer geld.					
19	Godsdiens word vrylik beoefen in die skool.					


Produklewering						
20	Akademiese standarde is hoog.					
21	Die bestaande tydsrooster bevorder akademie.					
22	Die meerderheid leerders neem aan sport deel.					
23	Die kwaliteit van sportafrigting is hoog.					
24	Daar is balanse tussen sport en akademie.					
25	Leerderleierskap word formeel gekweek.					
26	Daar word nou met die universiteite saamgewerk.					

Leweringsmetodiek						
27	Die skoolhoof bemark die skool.					
28	Die skoolhoof gee leiding aan die skool.					
29	Die skoolhoof het 'n "oop-deur" beginsel.					
30	Onderwysers is vertrou met hul vakgebied.					
31	Onderwysers ontvang verdere opleiding.					
32	Onderwysers is gemotiveerd.					
33	Die skoolterrein is netjies.					
34	Die skoolinfrastruktuur is funksioneel.					
35	Die skool as geheel vertoon goed.					
36	Die tegnologie in die skool is modern.					

Kommentaar						

BAIE DANKIE VIR JULLE TYD!

BYLAE C: TAALVERSORGINGSERTIFISERING

L.S.	
HIERMEE WORD DAAR GESERTIFISEER DAT DIE WERK VAN	
Dr / Mnr / Me <u>André D. Van Wyk</u>	professioneel
gereguleer / geproeflees / vertaal is.	
Dr JC Huebsch (LSAVG; LSAVI) Lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Vertalers Louis Trichardt Blvd 255 VANDERBIJLPARK 1910	
DR. J.C. HUEBSCH (MTGSA; MSATI) Sworn Translator/Linguist Geswore Vertaler/Taalkundige Tel. & Fax: (016) 933-9857	
<u>09.09.2010</u> Datum	 JC Huebsch